

JONG SUIDAFRIKA

BLOEMLEESING VIR DIE LAERSKOOL

ONDER REDAKSIE VAN

C.J. ALERS.



STANDERD I

skb
372.412 J. L. VAN SCHAIK, BEPK. PRETORIA

ALF

JONG SUID-AFRIKA

Bloemlesing vir die Laerskool

onder redaksie van

C. J. ALERS, B.A.,

Taal en spelling onder toesig van
H. A. STEYN, M.A., M.Ed., Ph. D.

Tekenings van M. Bompas.

STÂNDERD I.

J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

1935

Met medewerking van :


HETTIE CILLIE,
CHRIS. C. EUVRARD,
THEO. W. JANDRELL,
MARIE KRÜGER,
LEON MARE,
SYLVA MOERDIJK,
S. NIEMEYER,
HILDA POSTMA,
E. DE ROUBAIX,
TANNIE,
MARIA J. VORSTER,
G. R. v. WIELLIGH. e.a.

— Gedruk in Pretoria en Uitgegeef deur —
J. L. van Schaik, Bepk., Uitgewers, Pretoria.

INHOUD.

	Bladsy
1. Flukse kinders	Hilda Postma 5
2. Van twee bome	M. Krüger 7
3. Wat die rispe vertel	Hilda Postma 9
4. In die tuin	Hilda Postma 11
5. <i>Die kwikkie</i>	Hilda Postma 14
6. Wie wen	M. Krüger 14
7. Kraai maak 'n plan	G. R. von Wielligh 17
8. Voor die reën	M. Krüger 19
9. Na die reën	M. Krüger 20
10. <i>Pop se les</i>	Maria J. Vorster 22
11. Lui Neels	G. R. von Wielligh 23
12. Die kat se oor	M. Krüger 26
13. Die kriek	Hilda Postma 30
14. Wie is ek?	M. Krüger 31
15. <i>Vlindertjies</i>	Hilda Postma 34
16. Die stout kuiken	Bewerk deur M. Krüger ... 35
17. Katsie I	Hilda Postma 36
18. Katsie II	Hilda Postma 38
19. By en tor	M. Krüger 41
20. <i>In die waenhuis</i>	Hilda Postma 43
21. Onder die voor se brug I	Hilda Postma 44
22. Onder die voor se brug II	Hilda Postma 46
23. Hoe Tiena skool-toe gaan	Maria J. Vorster 48
24. Boetie	Na A. Trelker 50
25. <i>Ons gaan swem</i>	Maria J. Vorster 52
26. Die weggedroste konyn- tjie I	Bewerk deur G. R. von Wielligh 54
27. Die weggedroste konyn- tjie II	Bewerk deur G. R. von Wielligh 56
28. Gert en sy kalfie	G. R. von Wielligh 59
29. Die naam van die kalf ...	G. R. von Wielligh 61

30.	<i>My brakkie</i>	Hilda Postma	64
31.	Gert melk sy koei	G. R. von Wielligh	65
32.	Die kalf kry swaar	G. R. von Wielligh	67
33.	Die trein	Na A. Trelker	68
34.	Die arme muggie	Na A. Trelker	71
35.	<i>Dwergies</i>	Hilda Postma	73
36.	Op die plaas	Tannie	74
37.	Hoenders en ganse	Tannie	76
38.	Ou Koel-koel	Tannie	80
39.	Die kat en die hond	Bewerk deur G. R. von Wielligh	82
40.	<i>Die posbus</i>	Hilda Postma	84
41.	Kaffertjie	Maria J. Vorster	86
42.	Die seuns sug	M. Krüger	88
43.	Die vulletjie	G. R. von Wielligh	90
44.	Die vulletjie vertel verder	G. R. von Wielligh	92
45.	<i>Klein Fieland</i>	Hilda Postma	94
46.	Japie se les	Tannie	96
47.	Rykie verjaar	Tannie	98
48.	Die geelvinkies	Tannie	101
49.	Die Kaffer met sy ghitaar	M. Krüger	103
50.	Die vlermuis	Hilda Postma	105
51.	Juffrou Kietsie	Maria J. Vorster	107
52.	Slapedoedel I	Bewerk deur Tannie	110
53.	Slapedoedel II	Bewerk deur Tannie	113
54.	Tortelduifies	Tannie	117
55.	Die trapsuutjies se plan	Tannie	119
56.	Die voëltjie se plan	Tannie	121
57.	Die tortelduifnessie	Tannie	124
58.	<i>Outa Freek</i>	Hilda Postma	127



1. FLUKSE KINDERS.

Annie is nege jaar oud.

Sy het 'n boetie Koos, en 'n klein, klein sussie, Betsie.

Hulle drie speel altyd lekker saam.

Maar vandag speel Annie nie. Sy is so stil. „Koos,” sê sy, „ons moet vandag nie raas nie, want Mammie het baie hoofpyn. As ons soet is, gaan dit gou oor.”

Betsie is nog so klein, sy kan nie verstaan, wat Annie sê nie. Sy kap met 'n lepel op die tafel.

Annie gee vir haar 'n mooi wolbal om mee te speel.

Nou sit Annie en Koos blou voorskootjies aan, en rol hulle moutjies op.

A! wat gaan hulle maak?

Kyk, al die vuil skottelgoed! Koppies, borde, messe en vurke! Wie gaan hulle was, as Mammie siek is?

Annie en Koos gaan dit doen!

Annie gooi eers 'n bietjie koue water in die skottel, dan warm water daarby.



Sy sê vir Koos: „Ek sal was, dan droë jy af. Hou die bord styf vas, Koos, moet dit tog nie laat val nie!”

Mooi versigtig pak Annie die skoon skottelgoed weg. Sal Mammie tog nie bly wees nie! Hier kom Mammie aan.

„Gooi vir my water in die skottel, Annie,” sê Mammie.

„Wat wil Mammie maak?” vra Annie.

„Ek wil gou net die skottelgoed was,” sê Mammie.

Daar lag Annie en Koos so skelm! Mammie is trots op haar kinders, wat so netjies werk.

HILDA POSTMA.

2. VAN TWEE BOME.

’n Wilgerboom en ’n populier het eendag met mekaar gesels.

„Kyk,” begin die populier, „ons twee woon al lank saam hier aan die kant van die water. Toe jy ’n klein boompie was, was ek ook klein. Nou is jy groot en ek is ook groot, maar nog nooit het ons met mekaar gesels nie.

Vertel my tog, waarom hang al jou takke in die water? Dit verstaan ek nie. Ek wil dit so graag weet.”

„Hoekom vra jy so?” sê die wilgerboom, „Weet jy nie hoe mooi water is nie? Kyk, al my takkies verlang net na water. Hulle buig en buig, totdat hulle aan die water raak. O, dan is ons vrolik. Die

water spring en dans om ons. Baie mooi stories vertel die water vir ons.

Snags kom die windjie en roer ons so saggies. Hoe lieflik murmel die water dan!

Ons sing so saggies saam, totdat ons aan die slaap raak. Maar vertel jy nou weer vir my, wat julle so hoog in die lug maak. Dis weer wat ek nie begryp nie."

„O," sê die populier, „ons kan nie so digby die water en grond lewe nie. Daar wil ons net altyd versmoor. Hoe hoër ons groei, hoe blyer ons voel.

O, ons hou van die son en die blou lug.

Hoe ver oor die bome en huise kan ons nie kyk nie!

Bo, waar ons woon, kom al die winde byme-kaar. En watter mooi stories vertel die winde nie vir ons nie! Ons kry nooit klaar met praat nie.

Snags kyk ons, hoe die sterretjies een vir een uitkruip.

Dis so mooi, dat ons nie kan slaap nie. Ons roep die winde. Hulle blaas deur ons blare! Dan sing ons ons mooiste liedjies vir die sterretjies!"

M. KRUGER.

3. WAT DIE RISPE VERTEL.

Ek lyk soos 'n wurm, nè?

My naam is Rispe. Ek bly op hierdie koolblaar. Uit een van die klein wit eiertjies het ek gekom. Kan julle dit glo?



Maar toe was ek nie so groot soos nou nie.

Ek was eers klein en dun. Kyk nou, hoe vet en rond is ek! Kyk, hoe mooi geel met pragtige bruin strepe!

Julle vra wat doen ek? Hier op die koolblaar
kruip ek rond, en eet en eet, net heeldag deur.
Kyk, hoe het ek al gaatjies hierin geëet!

Ek is naderhand so vet, dat my vel oopbars!



O nee, maar ek kry nie seer nie! Ek kruip net uit
die ou vel, en daar staan ek in 'n splinternuwe!

As ek niks meer wil eet nie, gaan ek slaap.
Raai, waar slaap ek?

Stadig kruip ek tot by die ou tuinmuur. On-

der aan een van die klippe maak ek my vas met gom, wat uit my onderlip kom.

Ek spin eers vir my 'n fyn sykombersie, dan draai ek my daarin vas. Dit kan julle nie doen nie.

Die mense noem my kombersie 'n papie.

Binne in my geel sykombersie slaap ek vir 'n lang tyd. Die koue kom. Die suidewind waai. Die bome verloor hul blare. Die aarde lyk dor en vaal. Maar ek bly kalmpjes in my hoekie lê, tot die warm dae kom.

Maar ek slaap nie net nie!

Ek groei ook en my lyfie verander.

As ek klaar gegroei het, breek my kombersie oop! Nou kruip ek uit. A, maar kyk wie is ek nou! Juffrou Vlinder!

Ek het twee pragtige bont vlerkies!

Een, twee, drie, vlieg ek na die blomtuin.

HILDA POSTMA.

4. IN DIE TUIN.

Ons het 'n mooi groot tuin met baie bome daarin. Outa Klaas is besig om groente te plant. Hy het die grond in lang vore oopgespit.

Kyk, wat bring hy nou hier? 'n Kassie met

klein koolplantjies. Een vir een in 'n lang ry plant hy hulle.

Netnou gaan hy waterlei. 'n Groot houtsluis trek hy oop en in borrel die water!

O, hoe mooi rol die blink water aan in die voor! Die koolplantjies moet water kry.

„Ja, my kleinbasie,” sê outa Klaas, „die koolplantjies moet water drink. Hulle is mos ook dors.



Hulle moet ook kos en water kry om te kan groei, net soos my kleinbasie!”

Maar wat is die plantjies se kos?

Outa sê: „Kyk die plantjie se wortels. Dit is sy vingers. Daarmee haal hy sy kos uit die grond en suig hy die water in, wat outa Klaas lei.”

Daar is ook akkertjies met beet, ertappels en pampoen. Almal moet water kry.

By elke akkertjie word 'n sluisie oopgetrek om die vrolike water oor die akker te laat rol.


O, kyk hoe lieflik wip daar 'n kwikstertjie af op die wal. Hy wip sy stertjie op en af! Hy loop al voor die water uit.

Vang hom! Wip! Weg is hy!

Nee, 'n mens vang 'n kwikstertjie nie so maklik nie! Oupa sê, ons moet sout op sy stert gooi.

Wie gaan dit doen?

HILDA POSTMA



5. DIE KWIKKIE.

Kyk die blink, blink watertjies
 Rol al oor die akkertjies!
 Wip 'n kwikkie!
 Grondjies pik hy!
 Stertjie tik hy!
 Weg weer na sy makkertjies!

Kwikkie, kwikkie, kom tog terug,
 Ons wil sout gooi op jou rug!
 Hier 's die kwikkie!
 Bring die blikkie!
 Gooi 'n knippie!
 Mis! daar trek hy in die lug!

HILDA POSTMA.

6. WIE WEN?

„Wie maak ons so vroeg in die môre wakker?”
 vra Pa.

„Die haan,” sê sy dogtertjie.

„Nee, die dagbrekertjie!” roep haar broertjie.
 Net vlieg die dagbrekertjie voor die venster
 verby.

Hy hoor dit.

Voel hy nie bly nie! Hy klap sy vlerkies en vlieg hoog op in die lug.

„Ku-ku-le-ku-ku!” Wat is dit?

Dis mos die haan, wat so kraai. Daar staan hy by die roosboompie.

Dit sien die voëltjie. Hy klap sy vlerkies. Met 'n groot swaai vlieg hy rondom die haan. Toe gaan sit hy op die boompie.

„Ku-ku-le-ku-ku! O, is dit jy. kleintjie?” vra die haan. „Jy het seker honger. Wil jy van die lekker kos hê, wat ek hier uitskrop?”

„Nee dankie, ek wil nie eet nie. Ek kom jou net iets vra.”

„Goed, vra maar,” sê die haan. Hy druk sy bors vooruit, klap sy vlerke en kraai:

„Ku-ku-le-ku-ku-uuuu!”

„Wie maak die mense so vroeg in die môre wakker?” vra die dagbrekertjie.

„Weet jy dit nie? Ek en niemand anders nie,” spog die haan.

Maar kyk hoe lag die voëltjie nou!

„Wat makeer jy?” vra die haan vererg.

„Kyk, jy is tog dom, al is jy so groot. Gaan vra vir die boer, wie roep hom smôrens vroeg.”

„Dis nie nodig nie, want dis ek,” sê die haan.

„Moenie glo nie! Die bper sê juis dis ek.”

„Maar kyk vir so'n parmant! Kom hoor hier,” kraai die haan na al die pluimvee.

„Kloek, kloek! Wat verbeel hy hom?” vra die hoenders.

„Kwaak, kwaak,” roep die eende.

„Koelekoelekoel,” klik die kalkoene en almal storm die boompie.

O, wee! Van so'n groot geraas hou die dagbrekertjie niks nie.

Hy vlieg hoog op in die lug. Toe sak hy skielik neer. Net regoor die haan bly hy so 'n rukkie hang.

Toe vlieg hy weg.

M. KRÜGER.

7. KRAAI MAAK 'N PLAN.



Onder 'n boom staan 'n mannetjie met 'n pannetjie vleis en braai.

Langs die mannetjie lê 'n hond op die grond en loer na die vleis.

Bo in dieselfde boom sit 'n swart kraai op 'n tak te swaai.

Die kraai kry ook die ruik van die vleis, en hy kry sommer lus.

Die kraai vra: „Gee vir my ook van daardie lekker vleis.”

Die mannetjie met die pannetjie sê: „Loop soek, waar jy dit kan kry.”

„Maar ek wil van daardie vleis hê, wat so lekker ruik,” praat die kraai.

„Hoor jy dan nie, ek sê: Loop soek vir jou self vleis,” spreek die mannetjie met die pannetjie.

„Kyk nou so'n vrek, wat so gierig is,” brom die kraai.

„Ek werk swaar vir my kos, hoor jy! Loop werk self, dan hoef jy nie te bedel nie,” sê die mannetjie.

„O so, o so! Skaam jou om so suinig te wees! Kom ons ruil,” praat die kraai.

„Dankie, ek eet nie, wat jy eet nie. Loop! Ek wil nie,” merk die mannetjie op.

Die hond word toe al vir die kraai kwaad, maar die hond kan nie boom klim nie, so lig hy sy kop op en begin te blaf.

Dog die kraai lag hardop en spot met die hond, wat nie kan boom klim nie.

En hy sê: „Hond, vir jou blaf en vir jou baas se raas is ek nie bang nie.”

Daarop vlieg die kraai weg vlei-toe. Oor 'n ruk kom hy terug met iets.

„Kom ons ruil nou,” mompel die kraai.

En tjoeps! laat hy 'n vet padda binne in die pan op die vleis val.

Die mannetjie skrik hom uit wans en smyt pan en vleis daardie kant.

En voor die hond by was, duik die kraai uit die boom, pak die vleis en trap.

Só het die kraai 'n plan gemaak!



8. VOOR DIE REEN.

„Koe-koer-r-r-doek!” roep die duifie.

Kyk! daar sit hy in die doringboom.

Hoe kaal is die boom! Baie van sy fyn, smal blaartjies is weg. Waar is dit? Daar lê dit op die grond, droog en inmekaar.

Gelukkig het die taai boom nog blare oorgehou.

Daar kom 'n koei en kalfie na die boom toe. Kyk net hoe maer en dun is die diere. Dit lyk of die kalfie siek is. Hy bulk gedurig.

Die koei begin sommer van die bietjie blare te eet. Kyk net hoe versigtig, tussen die dorings, neem sy die blaartjies met haar tong.

Waarom eet sy nie gras nie? Dis tog 'n bees se kos?

Ag, daar is niks. Net stof!

„Koe-koer-r-r-doek!”

Daar vlieg die duifie weg.

Hy gaan sit op die doringdraad by 'n mielie-land. Hy kyk na die mielies.

Kan hy ook sien, hoe droog dit is?

Kyk net hoe slap hang die blare. Dit rol inmekaar.

Wat makeer die mielies?

Hul het dors, baie dors en daar is nie water nie.
 Koe-koer-r-r-doek!" Waar is die duifie nou?
 Daar sit hy by die spruit.

Wat maak hy daar?

Kyk, hy soek water; hy is baie dors. Maar water is daar nie, net hier en daar staan 'n vuil modderpoeltjie.

Die duifie vlieg nou na sy nessie toe.

Die son is onder. Pa en Koos het daarna gekyk. Die son het dof weggesak.

„Seun,” sê Pa vir Koos, „dis waarlik baie droog. Ek weet nie wat van ons en die diere word, as dit nie reën nie.”

„Sal dit nie kom reën nie, Pa?” vra Koos.

„Ons algar vra om reën. Hoor net die paddas en krieke. Sonder ophou roep hulle: „Reën, reën!”

M. KRUGER.

9. NA DIE REËN.

„Koe-koer-r-r-doek!" Hoor hoe vrolik roep die duif.

Daar sit hy op die doringboom.

Hoe mooi is die boom! Dit is groen van die blare en sit vol geel blomme.

'n Lekker geur van die geel blomme dra die windjie weg.

'n Trop beeste wei onder die bome.

Hulle eet van die lekker groen gras.

Die diere is vet. Kyk hoe blink hulle velle in die son.

Daar spring 'n kalfie en waai sy stertjie. Hy is vrolik. Sy ma lê tevrede en herkou.

Wat 'n fris windjie waai daar!

Dit stryk so oor die mielies op die land.

Kyk net hoe blou staan die mielies.

Dit groei te pragtig.

Luister, bruis daar nie iets nie?

Dis die spruit, wat so raas. Hy het water gekry. Gaan dit nie vrolik nie?

Daar loop Koos en sy pa. Wat maak hulle?

Koos wys met sy vinger na iets. Die son gaan onder, maar hy sif eêrs 'n bietjie goud oor die groen rantjies.

Dit wys Koos vir sy pa.

„Kind,” sê Pa, „het dit nie mooi gereën nie? Ons moet baie dankbaar wees. Mens en dier kan nou lewe.”

„Ja Pa,” sê Koos, „alles is plesierig. Hoor, die paddas is ook bly.”

Dit is soos ons in die skool leer:

Al die veld is vrolik.
 Al die voëltjies sing.
 Al die krikies krik daar buite.
 Elke sprinkaan spring.

M. KRUGER.



10. POP SE LES.

My poppie, jy moet nou leer loop,
 Jy word al groot, weet jy?
 Ek het jou laas jaar al gekoop,
 Hoe? Wil jy so klein bly?

Kom nou, probeer klein treetjies gee;
 Die linkervoetjie voor,
 En dan die regtervoetjie weer;
 So gaan dit altyd, hoor!

Nee, nie altwee gelyk nie, kind;
 Hoe is jy dan so dom?
 As jy nie links-regs loop nie, pop,
 Sal jy nooit vorentoe kom.

MÁRIA J. VORSTER.

11. LUI NEELS.

Toe Neels 'n jong seun was, was hy lui; hy wou nie werk of skoolgaan nie.

As hy skool-toe gaan, dan stap hy tot half-pad en gaan die veld in.

Hy kry toe 'n koei en roep uit: „Koei, koei, kom speel met my!”

„Nee,” sê die koei, „ek moet gras eet, want ek het 'n kalf, wat melk moet kry en ook my nooi wag vir melk.”

Toe stap Neels verder om 'n speelmaat te soek en hy kry 'n perd.

„Perd, perd, kom speel met my!”

Maar die perd antwoord: „Ek kan nie. My baas kry my nodig, dan moet ek sterk wees.”

Neels het toe net baie spyt, dog hy stap verder om ander maats te soek.

Hy sien toe 'n voëltjie rondvlieg en hy roep: „Voëltjie, voëltjie, kom speel met my!”

„Nee,” fluit die voëltjie, „ek sit op eiers en broei, en as daar kleintjies kom, moet ek net rondval vir kos.”

Toe begin Neels al skaam voel, maar hy dink nog altyd aan speel.



Verder die veld in stap hy om speelmaats op te soek, maar kry geeneen nie. Almal het hul werk.

Eindelik hoor 'n slang hom roep; die slang sê: „Ja, ek sal kom.”

Toe die rinkals op hom storm, skree hy; hy vlug en wys net hakskene.

Nou is Neels so bang vir die veld dat hy nie daar alleen wil loop nie.

Hy dink toe: „Waarom is ek so 'n gek om nie te wil werk nie?”

En dit kom hom te binne:

„'n Luiaard sal nie brood eet nie,” en hy sê: „Dan moet ek net mieliepap eet.”


Verder praat hy met homself: „By die skool in speeltyd kan ek speel.”

So het Neels 'n plan gemaak om fluks te leer en hard te werk.

En kyk, hy is vandag 'n ryk man en goed geleerd.

G. R. VON WIELLICH.

12. DIE KAT SE OOR.



Boetie is 'n klein krullebol van vyf jaar.

Wil jy hom sien? Kyk, daar is hy in die tuin. Hy hou 'n klein grafie vas in sy mooi handjies.


Wat maak hy?

Kyk, dis 'n dam. Daar gaan die voor en daardie is bome. Hy wil die bome natlei.

Daar val die grafie uit sy handjies. Hy gryp sy oor. Hy begin te huil—harder—nog harder.

Nou skree hy.

Ma hardloop uit.



Boetie wil nie dat Ma aan sy oor raak nie. Seker 'n uur het hy vreeslik gehuil. Toe slaap hy. 'n Dun straaltjie bloed vloei uit sy oor. O, hoe skrik Ma.

Arme Boetie! Dis 'n alte nare pyn in sy klein oortjie.




Elke dag spuit Ma sy oortjie. Sy het daarvoor 'n mooi klein spuitjie. Ma vul dit met water, dan spuit sy dit leeg in Boetie se oortjie.

Die klein krullebol wil ook na die spuitjie kyk. Ma laat dit toe.

Alla! maar dis mooi!


Hy vul die spuitjie met water. Nou spuit hy dit in die water terug. O, hoe borrel die water.



Boetie is beter, baie beter.
Weer vul hy die spuitjie. Hy kyk rond.
Daar sit die kat.

Op sy toontjies sluip hy nader. Aan die oor
pak hy die kat beet. Die diertjie trek sy oor plat.
Nou die ander oor.

Boetie wil spuit.
 Sy ogies blink van pret.
 Woerts! daar sit die kat op die vensterbank.



Laat staan, Boetie. 'n Kat se oor kry jy nie
 gespuit nie.

M. KRÜGER.

13. DIE KRIEK.

„Kir-riek, kir-riek,” skree dit in die eetkamer.
Waar sou hy wees?

„Kir-riek, kir-riek,” klink dit weer. Waar sou die skelm vandaan skree?

Ma en Boet en Sussie soek. Onder die tapyt, in die hoek, by die kaggel. Net verniet! Hulle sien hom nie!

„Wag, ek sal jou kry,” sê Boet. Hy trek die stoele weg, en loer rond op die vloer, onder die kaste, maar nee! Soek hy hier, dan hoor hy „Kriek, kriek” weer van ’n ander kant af.

Ma sê: „Kom ons sit doodstil en luister mooi, waar hy vandaan skree.” Maar die skelm kriek bly ook stil! Daar sing hy weer dat dit so tuit in Ma se ore. Waar kan hy wees?

Nou gaan Boet met die kers buite op die stoep kyk. Nee! hy sien niks. Boet kom weer in.

„Kyk daar,” roep Sannie uit. En ja! daar kom meneer Kriek met sy blink manel uit die kaggel gestap!

„Ag Mammie,” sê Boet, „ons moet hom tog nie doodmaak nie. As hy sê „Kriek” wil hy maar net gesels!”

Toe tel Boet hom saggies op in ’n dosie, en hy en Sussie bring hom in die tuin. Boet sit hom tus-

sen die pampoenranke neer. Daar het hy nou die dag 'n kriek by die walletjie sien inkruip.

„Dis seker 'n maat van hom, hierdie een,” sê Boet. „Nou is hulle twee mos bymekaar, en kan weer lekker gesels.”

Elke aand in die somer hoor hulle nog vir meneer Kriek tussen die pampoenranke sing.

HILDA POSTMA.

14. WIE IS EK?

Ek kom baie ver vandaan.

Die hele wêreld reis ek deur.

Niemand ken my woonplek nie. Ek verlaat my huis net, wanneer ek wil. Daar is nie een, wat my kan keer nie.

Geen mens kan my sien nie. Tog ken almal my, maar geeneen kan sê of ek bene of vlerke het nie.

Daar is niks wat so vinnig kan gaan as ek nie. Die snelste trein haal my nie in nie. Ook die voëltjies, hoe vinnig hulle vlieg, maak niks by my nie.

Ek gaan nie altyd so vinnig nie.

Partymaal loop ek langsaam en o so suutjies.

Dan streel ek die grassies van die veld.
 Ek roer die toppé van die bome.
 Die blommetjies soen ek en al die heer-
 like geur dra ek met my saam.



Stilletjies nader ek julle huise.
 Dit doen ek graag in die duister.
 Dan fluister ek by die deure. Soet woord-
 jies fluister ek daar.
 Julle luister en sê:
 „O, bly by ons. Jou het ons lief.”
 Dit doen ek darem nie.
 Ek gaan weg, altyd verder en verder.
 Maar ek kom weer terug.
 Dan gebeur dit soms, dat ek verskriklik kan
 word. Vreeslik dreun die aarde, so ver ek gaan.

Die gras trap ek plat en stuur 'n stofwolk
in die lug.

Die bome huil en kerm van pyn.

So skeur ek die takke af.

Ek loop julle huise storm. Vreeslik skud
ek aan die deure en vensters.

Partykeer ruk ek die dak af.

Julle huil van angs en roep:

„Verlaat ons, verlaat ons. Jou vrees ons.”

Dan luister ek en gaan weg.

Wie is ek?

M. KRÜGER.



15. VLINDERTJIES.

Vlindertjies lieflik, vlindertjies bly,
 Waar het jul daardie vlerkies gekry?
 Kruip julle dalk uit die blomme bont?
 Vlinders wat flikker hier orals rond!

Of het ou wind jul samegebring,
 Ver uit die land, waar hy so van sing?
 Daar julle bonte vlerkies gekry?
 Vlindertjies lieflik, vlindertjies bly!

Bring ons ook, vlinders, vlerkies so mooi,
 Goudgeel en blou, met tippies van rooi!
 O dan, hoe flikker ons vriend'lik en vry!
 Vlindertjies lieflik, vlindertjies bly!

HILDA POSTMA.

16. DIE-STOUT KUIKEN.

Rondom die huis op die werf loop hoenders en nog ander pluimvee.

Dis 'n heerlike lewentjie, wat daar gelei word. So ongestoor mag die pluimvee die grond daar omwoel, wurmpies soek, voer oppik en..... baklei ook.

Die klein hennetjie wil nie luister nie. Sy is baie parmantig en ook net hoogmoedig. Kort-kort loop sy in die gras langs die grootpad en sy het selfs die pad oorgestaan ook.

„Jy moet oppas, jy sal seerkry,” sê die haan, maar die hennetjie wil nie luister nie. Sy antwoord net: „kô-k! kô-k!” Dis al.

Die wys kalkoen kom haar ook waarsku, maar sy steek net haar kop in die lug en sê: „Kô-k! kô-k! Ek kan mos op my self pas.”

Toe het die diere nie langer van haar notisie geneem nie.

Eendag wei sy in die gras vlak langs die pad. Skielik hoor sy 'n harde geluid: „Tjoe-oe-oe, Tjoe-oe-oe!” Op dieselfde oomblik gons daar 'n motorkar verby met 'n groot geraas en so'n harde windstoot, dat die hennetjie teen die hek van die tuin waai.

O, hoe vreeslik skrik die kuiken!

Sy vlieg, spartel en rol die hek deur, die werf in.

„Koe-le-koel! koe-le-koel!” lag die kalkoene.

„Kwaak, kwaak!” spot die eende.

„Ku-ku-le-ku!” sê die haan.

Dis vir jou 'n grap.

Een ding is darem seker: die hennetjie het nie weer later so na aan die pad gaan wei nie.

BEWERK DEUR M. KRÜGER.



17. KATSIE.

I.

Lenie het 'n mooi swart kat. Sy is baie lief vir hom. Sy naam is „Katsie.”

Lenie het vir hom 'n mooi rooi strikkie om

sy nek gebind. In die aand haal sy dit af en vou dit mooi op. In die môre bind sy dit weer om.

Katsie slaap op 'n vel op die kombuis se vloer. Elke môre hoor Lenie trip-pe-trap op haar vloer.

„Mi-aau, mi-aau,” sê Katsie en woeps! spring hy op die bed.



Lenie gee elke môre vir Katsie 'n piering vol lekker soetmelk. Hy is baie lief daarvoor, en lek dit een, twee, drie, op! Vleis gee sy ook vir hom. Raai, wat eet hy nog? Lenie het dit eendag gesien!

Ou Katsie het so doodstil in die waenhuis gesit, en wou nie roer nie.

„Wat kyk hy?” dink Lenie.

Sy sit ook doodstil en wag om te sien, wat Katsie gaan doen.

Meteens spring hy na die hoek toe! En wat, dink julle, het hy in sy voorpote?

'n Lekker vet muis!

Katsie speel eers met die muis en rol hom in sy sagte voorpootjies rond. Toe trippel hy met die muisie in sy bek na 'n stil hoekie, om dit op te eet.

Lenie sê: „Katsie, as jy so lief vir muisvleis is, sal ek jou elke môre in die waenhuis laat muisie vang.”

Ou Katsie sê: „Morrr-rrr!” Hy dink Lenie wil die muis wegvat. Hy gryp die muis in sy bek en hardloop weg.

18. KATSIE.

II.

Eendag word Katsie siek. Hy wil niks eet nie. Sy melk bly staan in die piering. Hy wil dit nie drink nie. Elke maal hoes hy net.

Lenie was tog te jammer vir Katsie. Sy sê: „Mammie, ou Katsie is so siek. Wat kan ons vir hom doen?” Maar wat hulle ook doen: niks wou help nie. Medisyne wil hy nie drink nie.

Toe sê ma: „Kom ons vra vir tant Alie om hom vir 'n paar dae plaas-toe te neem. Daar sal hy gou gesond word.”

Arme Lenie was baie eensaam, toe haar Katsie weg was. Sy vra elke dag vir haar ma: „Mammie, wanneer kan Katsie weer terug-kom?”



Een môre vroeg hoor sy: „Mi-aau; mi-aau!” Sy spring op in haar bed en kyk rond. Nee, sy sien niks nie.

„Het ek dan gedroom?” dink Lenie.

Naderhand hoor sy weer: „Mi-aau! mi-aau!” en iets krap teen die ruit. Sy maak die gordyn oop! Wat sien sy daar? Meneer Katsie sit penorent buite op die vensterbank! Hy vra in sy taal om in te kom!

Lenie maak die venster oop en woeps!—in spring Katsie!

„Waar kom my Katsie vandaan?” vra Lenie. Sy tel hom in haar arms op, en dans rond van blydschap.

„Mammie, Mammie; kyk tog hier!” roep sy. „My Katsie is terug!”

Hulle kyk buite of Tante se kar daar is. Nee! Wie sou dan vir Katsie gebring het?

Die slim Katsie het mooi vingeralleen van die plaas af teruggeloop! Lenie kon dit byna nie glo nie! Sy was tog te bly om weer vir Katsie by haar te hê. Hy was nou heeltemal gesond, en het weer fluks muise gevang in die waenhuis.

HILDA POSTMA.



19. BY EN TOR.

„Soem! soem!” Wie sing so?

Hoër, dit kom uit die tuin.

„Soem! soem!” O, daar is dit by die rooi blommetjie.

Dis 'n bytjie. Hy is die klein sangertjie.

Wat maak hy by die blommetjie? Kyk, hy gee nie om nie. Hy kruip diep in die blom.

Verniel hy dit nie?

Wag, moenie hom wegja nie. Hy en die blommetjie is groot vriende.

Die blom ken hom goed en is altyd bly om hom te sien. Dit toon hy deur so'n mooi rokkie aan te trek. Daarom laat hy toe, dat die bytjie in sy kelkie kruip.

Wat kry die by daar?

Lekker soet sappies.

Dit moet seker baie lekker wees, want kyk hoe fluks drink die bytjie. Hy rus nie 'n oomblik nie.

Daar vlieg hy weg, seker na sy nessesie.

Wat maak hy daar? Daar maak hy van die soet sappies, die heerlike, lekker heuning.

„Som! som soem!” Is dit weer die by, wat so sing?

Ag nee, dis 'n tor. Kyk hy sit ook op die blom met die rooi rokkie. Kom nou later kyk.

O, weg is die pragtige rok! Wat het daar gebeur? Ag, die tor het al die blaartjies opgeëet. Nou is die blom kaal.

Daar sit die tor alweer op 'n perske.

Kyk net hoe gulsig eet hy die lekker vrug. Hy rus nie 'n oomblik nie.

Vlieg hy ook na sy nes en maak daar heuning?

'n Tor kan net eet. Werk soos die by wil hy nie.

Hy verniel die mooi blommetjies en beskadig die vrugte.

M KRUGER.

20. IN DIE WAENHUIS.




Sonder 'n geruisie,
 Kyk, die kraaloog-muisie
 Skelmpies loer!
 Stilletjies en soetjies
 Trippel vier ou voetjies
 Oor die vloer.

Sonder 'n geruisie,
 Kom en kom ou muisie,
 Tog so bang!
 Katsie krom sy vuisie:
 „Piep!” en arm ou muisie
 Is gevang!

HILDA POSTMA.





21. ONDER DIE VOOR SE BRUG.

I.

Daar is 'n bruggie oor die straat se voor. Onder die bruggie het paddas en krieke gebly.

Een môre sien nîg Kriek iets in die voor se water drywe.

„Wat sou dit wees?” dink sy.

Dit lyk net soos klein pap balletjies met elkeen 'n swart kolletjie in die middel. En hulle sit almal aan mekaar vas!

Toe sy die anderdagmôre weer sien, het die balletjies oopgegaan. Klein slymerige goedjies swem daar rond net soos vissies.


„My liewe tyd,” sê nîg Kriek, „wat op aarde sou dit wees? Tog nie klein vissies nie? Maar hulle eet dan niks nie, hulle klou net met hulle monde aan die graspol vas! Hulle is seker bang, dat die water hulle sal wegdrywe. En hulle het ook nie oë nie. Net lyf en stert!

Nee, sulke snaakse goed het ek nog nooit gesien nie!”

En weg spring ou nig Kriek, terug in haar donker gaatjie onder die brug.

Die arme ou vissies hang maar aan die graspol, en drywe so in die water, te bang om te laat los.

Naderhand het hulle sterker geword, en begin rondswem in die water. Toe kry hulle honger. Hulle eet watergrassies, saadjies, net wat hulle onder in die voor kan kry, vir kossies. Nou moet die muggies en klein watergoggas net padgee voor, anders word hulle opgehap!



22. ONDER DIE VOOR SE BRUG.

II.

Eendag kom nig Kriek weer kyk.

„Nee,” sê sy, „dit kan nooit vissies wees nie. Kyk, agter aan die lyf kom dan pootjies uit! 'n Vis het mos nie pootjies nie. A nee a,” sê sy.



Nog later gaan hulle oë oop. Die pootjies word elke dag 'n bietjie groter, en voor aan die lyf kom nou ook twee pootjies uit.

Maar hoe wonderlik! Die stert word by die dag kleiner en kleiner!

Een môre het die stert skoon verdwyn!

Twee groot ronde oë, 'n wye, harde mond, 'n boggeluggie en „kwaak! kwaak!” sê meneer, en spring uit die water op 'n klip!

Kinders, wat was dit?

Nig Kriek kom toe net uit die tuin terug.
Sy kon haar oë nie glo nie.

„Paddakind!” roep sy uit, „is jy tog nie een van die slymerige goedjies, wat hier rondgeswem het nie?”

„Kwaak, kwaak,” sê ou paddatjie, „dis ek, ja! Kyk, daar swem my boeties ook rond.”

Nig Kriek en die paddas het net gou vriende geword. In die someraande, wanneer die sterretjies so vriendelik skyn, sing hulle dat dit so galm:


Sterretjies in die blou lug!

Kir-riek, kir-riek! Kwaak, kwaak, kwaak!

Onder die voor se brug!

Kir-riek, kir-riek! Kwaak, kwaak, kwaak!

HILDA POSTMA.



23. HOE TIENA SKOOL-TOE GAAN.

Tiena is skaars agt jaar oud. Sy woon op 'n buiteplaas. Die skool is ruim drie myl van haar huis af. Dit is te ver vir so'n kleintjie om alleen te loop en om te perd te ry is weer gevaarlik. Hulle sal 'n ander plan moet maak.

Tiena se pa het 'n klein donkie. Sy naam is Jakob. Tiena sal op hom skool-toe ry. Jakob is skaars drie voet hoog. Al sou Tiena van hom afval, sal sy nie te seer kry nie.

Jakob is baie mak en daarby so stadig ook, dat sy nie groot gevaar staan om af te val nie.

'n Jaar lank het Tiena vir Jakob heen en weer skool-toe gery. Maar nou ry sy hom nie meer nie. Sy word al groot en ry nou al op Ruiter skool-toe.

Ruiter is die ou mak werfperd. Tiena se pa het gesien dat sy nou al haar teuels goed kan hanteer en haar perd stuur, waarheen sy wil. Sy is ook nou al in Standerd II.

Jakob het darem nog 'n nuttige dier gebly. Sy werk was nou om die kosmandjies te dra, as die familie vir 'n piekniek uitgaan.

Die paksaal word dan op Jakob gesit. Weerskante in die sakke word die kosmandjies, bottels melk, keteltjies en ander goed gepak. Bo-oor sy

rug word 'n paar reisdekens of jasse gegooi. Ewe verstandig stap Jakob dan saam met die klomp die berg uit, of Waterval-toe of net waar hulle besluit om die dag te gaan deurbring.

Nog iets wat Jakob gereeld doen is, om eenmaal per week die skaapwagters se mieliemeel vir hulle weg te bring. Een van die Kaffers bring gewoonlik die leë sakkie af en kom verslag gee van die skape. Die sakkie meel, altemit ook nog 'n paar pampoene, of 'n bietjie mielies, word dan op Jakob gelaai en hy stap saam met die Kaffer die berg uit.

Die aand, of anderdagmôre, kom hy weer alleen op die werf terug. Daar ry Tiena hom nog nou en dan. Net dat hy moet voel, sê sy, dat sy nie haar ou skoolmaat verstoot en sy dienste vergeet nie.

MARIA J. VORSTER.

24. BOETIE.

Boetie is baie soet.

'n Mens hoor hom nie. Wat sou hy maak?

Stil, kyk net om die hoekie.

Daar lê hy op sy knietjies.

Voor hom op die grond staan drie groot bottels.

'n Tregter is daar ook by.

Daar mag hy mee speel.

Dit sê Ma. Kyk, Ma gooi water in een van die bottels.

Hoe bly is Boet! Sy ogies straal.

Is Ma nie goed nie!



Drie regtige bottels.

Een groot tregter,
en.....water!

Boetie vrywe sy ogies
om beter te kan sien.

Hy gooi die water
maar aldeur oor uit die
een bottel in die ander.

Klok, klok, klok, val
die water in die bottel. Dan suis die straal so mooi
deur die tregter. Dit klink soos musiek.

Boetie mors nie. Daarvoor sorg die tregter.

„Speel jy lekker, Flippie?” vra Ma.

„Nog 'n bietjie water, Ma?”

„Nee, kêreltjie, jy het mos genoeg water.”

„A, Ma meet so sleg. Die bottel is nie eers half nie.”

„Kom speel nou soet,”
sê Ma.

Toe gaan sy na die eetkamer. Flippie bly alleen in die kombuis. Hy speel so soet. Nou kan Ma ook beter werk.



Maar kyk nou wat doen die seuntjie!

Hy gooi die water oor sonder die tregter.

O hede, mis! Die water stroom langs die bottel af.

Wag, hy sal dit gou-gou opvee.

Hy gryp die vadoek. Hoor nou klets-klats, so plas hy met die doek.

Flippie lag van plesier.

Die doek is al sopnat. Daar sien hy die leë melkemmertjie. Daarin droë hy die vadoek uit.

Met die vuil water wil hy die kan skoonmaak. Hoor, klits-klets, so was hy.

O, daar glip die emmertjie uit sy handjies.
Al die vuil water stroom oor hom.

Hy skrik. Hy huil.

Ma kom kyk.

„O, o, wat 'n seuntjie is jy tog!” sê Ma.

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum.



25. ONS GAAN SWEM.

Met baaikosium, handdoek en seep
Stap ons daar af so op 'n streep
Tot onder by die wilgerboom,
Waarlangs die helder water stroom.

Daar word ons gou-gou uitgetrek,
Mart, Lesie, Erika en ek.
Dan, doems! doems! doems! so spring ons in,
En swem net om mekaar te win.

Dis op en af en heen en weer;
Soos vissies gaan ons daar te keer.
Dan dryf ons bo, dan duik ons in,
Die water is so na ons sin.

Nou seep gesmeer en goed gevryf,
Want skoon moet wees die hele lyf.
Dit word gewas, geplas, gewoel,
Die seep word alles weer afgespoel.

Nou afdroog gou en aantrek ook,
Want nou begin die honger spook.
Na so'n swem, dit moet jul weet,
Word Ma se koskas leeg geëet.

MARIA J. VORSTER.



26. DIE WEGGEDROSTE KONYNTJIE.

I.

„Ek is nou al moeg om in hierdie ou donker gat vir altyd te woon,” sê klein Konyn, „ek gaan nou wegdros.”

Onderwyl sy ma en pa nog slaap, glip hy stadig uit die gat en hol die veld in.

„Waar loop jy na toe?” vra juffer Tingtinkie, toe sy besig was om vliegies en goggatjies te vang.

„Ek loop weg,” antwoord Konyntjie. „Arrie! is dit tog nie lekker om so vry te wees nie?”


„Loop terug huis-toe! Loop huis-toe!” sing ou juffer Tingtinkie uit; maar Konyntjie was al te ver weg.

Hy loop en loop en kom daar voor by 'n heining.

„Waarnatoe gaan jy?” vra ou meneer Rolvarkie, toe hy hom losrol onder die heining.

„Ek loop weg,” antwoord Konyntjie. „Arrie! is dit tog nie lekker om so vry te wees nie?”

„Loop terug huis-toe, hol huis-toe,” roep ou meneer Rolvarkie uit, dog Konyntjie hoor nie en hol verder weg. Konyntjie was te vrolik en hol so ver dat hy nie eers kyk, waarheen hy koers nie. Hy sien 'n klein ou huisie en hol binne.




Meneer en juffer Jakkals vra: „Seun, waar gaan jy heen?”

„Ek het van my huis weggedros en hol nou weg,” antwoord die vrolike Konyntjie, wat te bly was om buitelig te skep.

„Bly maar hier by ons,” sê meneer en juffer Jakkals, en hulle sluit die deur dig toe, en staan met mekaar en praat.

Toe word Konyntjie benoud en begin te soebat. Meneer en juffer Jakkals was net hongerig en lyk ook so nukkerig.

„Laat my asseblief uitgaan, toe asseblief tog!” Maar meneer en juffer Jakkals gaan met hul rugge teen die deur staan en verseg om Konyntjie te laat uitgaan.



27. DIE WEGGEDROSTE KONYNTJIE.

II.

Toe sê meneer Jakkals: „Wag, ek gaan eers water vir die pot haal.”

„En ek gaan hout vir die vuur haal,” sê juffer Jakkals daarop, toe sy haar lippe staan en lek.

Hierop maak hul die deur effentjies oop en glip uit.

Toe begin Konyntjie teen die deur te skop en stamp, maar dit was van buite gesluit. Hy wou deur die venster spring, maar dit was vir hom te hoog om by te kom.

Hy hoor meneer en juffer Jakkals buitekant gesels, en dit is wat hulle praat:

„Soe! ons sal net 'n lekker agtuur aan hierdie vet konyntjie hê.”

„O, goeie, hoor hul wil my gaan doodmaak en opeet,” huil Konyntjie binnekant.

Net toe meneer en juffer Jakkals inglip, hol Konyntjie na die vuurherd. En...wat dink jy het hy gemaak? Hy klim in die skoorsteen op en kom bo-uit, besmeer met roet.

Maar toe hy afkyk, daar staan meneer en juffer Jakkals klaar om hom te pak, as hy op die grond kom.

Konyn maak hom nou klaar vir 'n vèrspring, hy haal uit wat hy kan en gee 'n spring ver oor die koppe van meneer en juffer Jakkals en daar trek hy.

Meneer en juffer Jakkals hol dat hul so klein word agter Konyn; maar wie sê, wat vry kom, is Konyntjie, en voor hy flou was, haal hy sy huis.

„My liewe kind, waar was jy?” roep sy ma


en pa in angs gelyk uit, toe hy die gat uitasem invlug.

„Ek het moeg geword om in hierdie donker gat vir altyd te woon, so het ek weggedros,” antwoord Konyntjie.

Hierop vertel hy aan sy pa en ma alles wat gebeur het, en toe hy klaar met praat het, sê hy:

„So nooit, nooit as nimmer sal ek weer wegloop nie.”

BEWERK DEUR G. R. VON WIELLIGH.





28. GERT EN SY KALFIE.

Klein Gert staan een oggend en koffie drink en kla dat dit nie soet genoeg is nie.

Ou Booi bring toe net die melk in en sê:
„Raai wat het gebeur, my basie?”

Gert se oë flikker en hy hou op met brom:
„Wat my outa? Het my koei Bontrok 'n kalf?”

„Reg geraai, my kleinbaas, reg geraai,” sê ou Booi, toe hy die emmer melk neersit.

Gou sluk klein Gert sy koffie, gryp sy hoed en hol kraal-toe om te gaan kyk.



Die brakkie hol voor sy kleinbaas uit, ja hoenders uit die pad en toe hy by die koei kom, staan hy vir die kalfie en blaf.

Daar het Bontrok glad nie van gehou nie, sy gee 'n blaas en storm die brakkie.

Die brak was wel gou, maar die koei nog gouer; sy gaffel hom met die horings dat hy daar ver val.



Tjank-tjank hol hy tot by 'n boom en staan daar en blaf. Bontrok gee weer 'n blaas. Toe vlug die brak na Gert en gaan tussen sy baas se voete staan. A nee, nou is hy grootman en wou die koei net kafloop.

Dog Gert was so bly oor sy kalf dat hy die brak se streke amper nie sien nie.

Dit was vir hom te mooi, om die kalfie so valval om sy ma en onder haar te sien loop en struikel. Hy lag en praat hard.

Ewe bly hol Gert huis-toe om die nuus aan sy ma en sussie te gaan vertel.

Van ver roep hy al uit: „My koei het 'n kalf, my koei het 'n kalf, kom kyk!”

Sy ma kom dadelik, so hol Gert en sy sussie vooruit om gou daar te wees.

Almal is saam met Gert bly, en praat net oor die rooibont kalfie.

Gert se ma sê: „Gert, gee maar die kalfie vir my, ek wil hom so graag hê.”

„Nee Ma, waar kry ek dan weer een? Ma moet maar self een koop. Pa het baie.”

G. R. VON WIELLICH.

29. DIE NAAM VAN DIE KALF.

Aan die tafel, toe hul agtuur eet, vra Gert se pa: „Gert, hoe sal jou kalf se naam wees?”

„Ek weet nog nie, Pa,” was sy antwoord.

„Gert, hoe sal Padda wees?” vra sy pa om hom te terg. En almal sit daáror en lag.

„Nee Pa, Padda is 'n baie lelike naam,” merk hy op en voel erg beledig.


„Hoe dan? Sal ons hom die naam van Vaal-tyn gee?” En almal luister wat Gert sal sê.

„Maar Pa, my kalf is dan rooibont en nie vaal nie. Ou Booï sal mos vir my uitlag.”

Sy ma neem die woord en merk op: „Gert, ek dink Geluk sal net 'n goeie naam wees.”

„Ja Ma, ek dink ook so. Ons sal hom maar Geluk noem. Sal Pa hom ook so noem?”

„Nee Gert, ek dink Tamboer sal 'n mooier naam wees,” sê sy pa, net om te pla.



Sy sussie roep uit: „Ek weet, Nagslang is 'n beter naam, want hy is mos rooibont.”

Met 'n huilstem roep hy uit: „Ma, Sussie begin weer om my kwaad te maak.”

„Sussie, hou jou rus,” sê sy ma. „Gert, jou kalf se naam is Geluk en niks anders nie.”

Booï het in die kombuis gestaan en gehoor wat binne gepraat is. Toe Gert in die kombuis kom, vra hy: „Hoe is die naam?”

„Geluk!” roep Gert ewe trots uit.

„Dis 'n mooi naam, my basie! Net 'n mooi naam! Hy gaan nou jou vooros word.”

„Maar Outa, ek het dan maar nog net drie ossies. Dis te min om in te span.”

„Dis niks nie, my kleinbaas, die ander kom vanself. Ei, hoe sal Basie nie sweepklap nie!”

„Outa, sal Pa dan vir my 'n sweep en stok gee om my bontspan mee te dryf?”

„Hoe praat seurtjie dan nou? Jy is dan groot en ryk met sakke vol ponde. Jy kan alles met jou eie geld koop. Hoe sê Baas?”


Klein Gert lag net om te dink, hoe ryk hy sal wees en hoe hy sy span osse sal dryf.

Hierop sê Booi: „Dan kom ek by my kleinbaas woon om sy beeste op te pas.”

„Goed my outa, ek sal nie vir jou slaan nie en baie goed vir jou wees.”

„Dankie my grootbaas! Dankie!”

G. R. VON WIELLICH.



30. MY BRAKKIE.

Ou Brakkie, hy hardloop so trots langes my,
 Hy blaf, en hy spring, en hy huppel so vry;
 Hy dink hy kan baasspeel oor almal op straat,
 En knor as die kindertjies vriend'lik kom praat.

Soms sien hy die koeie van veraf aankom,
 Dan blaf hy so grootman dat ek my verstom;
 Maar sak net 'n koeitjie haar horings, glo my,
 Dan staan meneer Brakkie doodstil en opsy.

Vir katte en hoenders is Brakkie die held,
 En hase! hy ja dat dit sny oor die veld!
 Maar kry hy 'n been, dan begin hy te lek,
 En trippel hy huis-toe, die been in sy bek!

Hy bêre sy beentjies daar onder 'n boom,
 En rek hom dan lank uit om rustig te droom,
 Maar ag! kom 'n lastige vliegjie hom terg!
 Ou Brakkie spring regop, en hap hom vererg!

Hy's vroeg smôrens op, voordat ~~en~~ nog roer,
 Dan trippel en snuffel hy rond op die vloer;
 En saans as die maan skyn, so wit en so kalm,
 Dan blaf die parmant dat die rantjies weergalm.

HILDA POSTMA.

31. GERT MELK SY KOEI.

Bontrok, Gert se koei, het baie melk gegee,
 waaroor Gert net trots was.

Hy praat toe net om self sy koei te melk en
 orals rond het hy 'n emmer gesoek.

„Bring jou emmertjie, my kleinbaas, ek sal die
 koei vir jou span,” sê ou Booï.

„Booï, jy moenie vir jou gek hou, om my kind
 te laat doodskop nie.”

„Nee Nooi, ek maak maar pret met Gert, ek
 sal die kleinbaas goed oppas,” sê Booï.

Maar toe hul by die kraal kom, waar die nooi
 hul nie kan sien nie, span Booï die koei en begin
 haar te melk.

Daarop sê hy: „Toe kom nou, my basie, sy is
 nou mak, sit op die blok en melk haar.”

Gert kyk na die koei, toe na die blok en gaan
 sit met die emmer tussen sy bene.

Net toe ~~hy~~ begin, ruk die koei haar been op, Gert skrik en spring op.

„Toe maar, my kleinbaas, Outa sal alles reghou dat jy nie seerkry nie. Gaan aan!”

Bang-bang gaan Gert weer sit en begin te melk, want hy wil mos grootman speel.

„Ai, my kleinbaas, jy vorder net fluks, toe maar, Outa sal alles reghou. Druk op!”

Gert kry moed, want Bontrok is regtig mak en staan mooi stil.

Maar Bontrok merk dat 'n ander een haar melk, sy ruik na Gert se kant toe, sy gee 'n blaas en spring éffe opsy.

Weer wip Gert van die blok af, die melk stort uit, maar hy trek die blok nader en gaan sit.

Gert doen nou regtig sy bes en melk dat die skuim staan. Ou Booi paai die koei.

Maar dis daardie rooibont kalf wat kwaad word dat hulle sy melk steel.

Onder sy ma kruip hy deur en hy gee vir Gert vandag 'n stamp voor die bors: op die naat van sy rug val hy en die melk spat.

Huil-huil gaan Gert huis-toe om sy nood by sy ma te gaan kla.

32. DIE KALF KRY SWAAR.

Die rooibont kalf groei by die dag, sy hare word blink en lê glad op sy lyf.

Daar was ook ander kalwers groter en kleiner as hy. Almal bly in die kraal.

Daar lê hul soms in die sonskyn, of as die vlieë hul pla, gaan hul koelte soek.

Gert het 'n speelmaat gehad, 'n klein jong, en die twee bly van die kraal nie weg nie.

As Gert se pa weg van huis is, dan ry die twee kalwers sonder dat sy ma dit weet.

Maar as hul in die kraal so lag en raas, dan weet sy ma wat gebeur en sy kom.

Sien hulle haar aankom, dan vlug hul en kom eers later na die huis toe.

Maar sien hulle sy ma nie kom nie, dan loop dit op tjank uit.

Met inspan het die twee eendag amper 'n kalf verwurg; sy ma het die riem kom losmaak en elkeen 'n deftige loesing gegee.

Van toe af was kalf-ry en kalf-inspan op 'n end. Toe kry die kalwers kans om daar onder in die vlei te gaan wei.

In daardie vlei was kuile water, waar die vee suip, maar ook tulpe wat vir beeste giftig is.

Eendag het die rooibont kalf van die tulpe geëet, hy blaas op en word net siek.

Gert huil nou net warm trane oor sy kalf, want die dier wou doodgaan.

Sy pa het gedokter, ou Booï het hom help dokter, maar die kalf bly baie siek.

Eindelik sterf die kalf en toe was Gert in trane van vroeg tot laat.

Sy ma het hom baie jammer gekry, dog al haar mooipraat wou nie help nie.

Sy outa het probeer om hom stories te vertel, maar Gert bly huil.

Eindelik sê sy pa vir hom: „Gert, ek sal vir jou weer 'n kalf gee.”

„Nee Pa, dalkies vreet die kalf ook tulpe.”

Dog later het hy die kalf tog geneem, maar hy het altyd aan sy rooibont kalf gedink.

G. R. VON WIELLICH.

33. DIE TREIN.

rrrrrr—rrrrrrr!

Daar kom hy aan.

Hoor hoe raas hy.

Hy is nog ver. Nou klink dit dof: rrrrrrrrr.


Hy kom al nader. Dit word al harder:

rrrrrr.

Flus was hy nog klein, maar kyk nou, hoe vinnig groei hy.

Sommer in 'n oomblik het hy 'n reus geword—
'n ysterreus met 'n lang stert.

Gee pad! Hier is hy!



ssssSSS! rom, bom, bom, BOM! BOM!

Is hy nie vreeslik woess nie?

Kyk net, hoe spat die vuur onder hom uit. Hy spuug warm water en wit stoom voor hom uit.

Soe! hoe dreun die grond as hy so verbyvlieg!

Sand en stof dwarrel met hom saam. Die
wind sit hom ook agterna!

Hou jou hoedjie styf vas.

Dit het baie lus om saam te hol.

Floep! Verby is die laaste wa.

Kyk nou, hoe vinnig hol hy.



Daar krul nog net die punt van sy stert. Weg
is die hele trein. Net 'n dik wolk rook bly hang.

Maar jy hoor hom nog: rrrrrrrrrr klink dit dof.

Nou nog dowwer: rrrrrr rrrrr rrr... en dan
is dit stil.

Die ysterreus is al o, so ver!

Raas maar, ystervreter!

Jou baas sal sorg, dat jy goed in jou spoor bly.

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum.

34. DIE ARME MUGGIE.

Eenmaal was daar 'n klein muggie en 'n groot vlieg.

Hulle het albei sulke dun vlerkies, maar dié van die muggie was darem regtig fyn en teer.

Hulle pootjies was lank, o, so vreeslik dun, net soos garingdraadjies.

„Kom ons kyk wie kan die vinnigste hardloop,” sê die vlieg.

„Hardloop?” vra die muggie. „Nee, dit doen ek nie.”

„Nie? En jy het dan sulke lang pote.

„Dis waar,” sê die muggie, „maar ek is bang dat hulle sal breek. Kyk net hoe dun is hulle.”

„Wat maak jy dan met hulle?” vra die vlieg.

Maar dit het die muggie nie so meteen geweet nie. Hy gaan vlieg toe maar 'n bietjie rond.

Daar gaan hy teen die muur sit, seker om te dink.

Kyk net hoe stil sit hy. Opeens slaan hy sy vlerkies wyd oop. Hy begin te vlieg.

Die muggie het heeltemal vergeet dat hy pootjies het!

Hy vlieg tot naby die vlieg.

„Kom outjie, kom ons dans,” sê hy.

„O,” dink die vlieg, „dit kan ek doen. Ek kan wel alles: hardloop, vlieg, dans en gons. Laat ek maar 'n bietjie met die klein bog saamdoen.”

Maar o, kyk tog die muggie! Kan hy nie mooi dans nie? Daar is hy al om die lamp.

Kyk net hoe wild en woese gaan dit!

„Kom, kom, dans saam. Durf jy nie?” vra die muggie.

Toe gaan dit al erger: op en neer, heen en weer.

O, wat kan die fyn dingetjie tog draai en dans!

Kyk daar 'n swaai net bokant die glas van die lamp. Hoe durf die muggie dit doen? En hoe skrik die vlieg!

„Maar kom tog, outjie, waar bly jy tog so lank?” sê die muggie.

Opeens word alles stil. Die vlieg hoor nòg sien die vrolike muggie. Speel hy wegkruipertjie? Sal hy netnou êrens opduik?

Nooit sal die vlieg die ou fyn, klein dingetjie weer sien nie. Die warm vlam het hom gevang. Die gee nooit weer iets terug nie.

„Hoe jammer,” brom die vlieg, „dit was juis vir my so mooi.”

Na A. Trelker uit „Jong Leven.”

Uitgawe van C. A. J. van Dishoeck, Bussum.

35. DWERGIES:



Ek hoor mooi 'n gefluister!
 Daarbo in die prieel!
 Lyk net soos klein ou dwergies
 In jurkies rooi en geel!
 Ek dog: kan dit 'n droom wees,
 Of sou ek my verbeel?



Ek klouter, hande en voete,
 Dat nie 'n takkie roer!
 Toe sien ek deur die ranke,
 Net waar die son op loer,
 Dis 'n klompie droë ou blare
 Wat die herfswind saggies streel!


HILDA POSTMA.

36. OP DIE PLAAS.

Henna en Alie was twee klein meisies, wat op die dorp gewoon het.

Eendag het hulle ma baie siek geword. Die dokter moes kom om vir haar medisynê te gee. En toe het dit nog lank geduur, eer sy so beter was dat sy weer kon opstaan.

Ag, toe was die tweetjies tog te bly!



Dit is alte swaar, as die liewe ma nie daar is om vir alles te sorg nie. As daar siekte in die huis is, moet 'n mens mos ook altyd net op jou toontjies loop om nie te raas nie. En alles lyk so naar en treurig.

Toe hulle ma soveel beter was dat sy kon begin loop, het die dokter gesê, sy moet weg uit die dorp en na 'n plaas gaan om weer sterk te word.

Henna en Alie was net in hulle skik, want hulle kon ook met Ma saamgaan na die plaas van oom Gert Nel.

Daar was dit so mooi. Op die dam agter die huis swem 'n paar groot eende met 'n hele trop kleintjies.

En jy moes lag kry om te sien, hoe die liewe klein goedjies in die water op hulle koppe staan, om onder in die modder kos te soek. En as hulle ma hier wegduik, dan kom sy daar anderkant vir die eerste keer weer uit.

Haar vere word ook nie nat nie. Die water rol sommer van haar af. Dit kom omdat die vere vetterig is.

'n Eend dra mos agter op sy rug 'n oliepotjie. Daaruit haal hy so nou en dan 'n bietjie olie met sy ou plat bek en smeer dit aan sy vere om hulle droog te hou.

Die mannetjies-eend is regtig mooi. Die vere op sy kop, en teen sy nek af, is heldergroen en blink sommerso in die son. Sy stem is baie hees, hy kan nie veel van 'n geluid uitkry nie, maar die eendjies se ma roep so hard kwaak, kwaak! dat jy haar van ver af kan hoor.


As 'n wyfie-eend wil broei, dan maak sy haar nes naby die water, waar die grond klam is.

Julle het seker al gesien, hoe mossies op die werf hoenderveertjies optel om hulle nes mee uit te voer.

Maar raai wat doen 'n eend? Sy trek van haar eie sagte veertjies en donsies uit, wat voor op haar bors groei, sodat die kleintjies lekker sag en warm in die nes kan lê.

Hulle lyk mos self ook soos sagte geel donsies, as hulle uit die eier kom.

TANNIE.



37. HOENDERS EN GANSE.


Op die werf van oom Gert se plaas het nog baie ander pluimvee rondgeloop. Die hane, met hulle mooi rooi kamme, kraai vroeg in die môre al en raas die hele dag so dat 'n mens moeg daarvan word.

Wat ook raas is die henne, maar elkeen ken darem ook haar werk, en teen die aand gaan Henna en Alie saam met oom Gert se dogtertjie, Rykie, om die eiers uit die neste te haal.

Tussen die bome loop 'n klompie klein varkies en ploeg die grond om met hulle snoetjies.

Maar as Japie hulle wil byt, dan kan jy net sien hardloop!

Japie is 'n mooi klein wit hondjie, wat saam van die dorp af gekom het. Hy kuier tog so lekker op die plaas, maar partykeer is hy stout, want hy ja alte graag die goed rond op die werf.



Oom Gert se lande is vol koring gesaai. Dit staan so mooi groen, maar die plantjies is nog nie hoog nie. Saans, teen sononder, dan kom die hasies van die veld af om die sagte blaartjies te eet.

As Japie hulle gewaar, dan loop hy die hasies storm en dan sien die kinders net hoe die wolstertjies wip, soos die hasies vlug vir Japie.

Uitasem kom hy dan weer terug, net in sy skik dat hy hulle so skrikgemaak het.

As die ganse net 'n kans kry, dan is hulle ook in die lande. En dan gaan dit kompleteet net of hulle met mekaar gesels.

„Kom gaan saam, kom gaan saam!” sê die een.

„Waarnatoe?” vra 'n ander.

„Daar oorkant na die groen landjie toe!” skree die hele klomp gelyk.

En terwyl hulle ruk en pluk aan die groen



koring, praat almal deurmekaar: „Kort en klein, kort en klein! niks laat staan, niks laat staan!”

Maar die ganse weet goed dat hulle kwaad doen. Een van hulle maters moet solank waghou. Net soos hy die baas sien aankom, dan skree hy: „Kajafas!”

Dan begin die ander ganse onder mekaar te raas.

„Dis jou skuld, dis jou skuld!” sê een vir die ander, en hulle maak hulle groot vlerke oop en vlieg

oor die heining, lank voor die baas by die land kan kom.

Dit is mooi as 'n mens kan verstaan, wat die diere met mekaar gesels.

Eendag staan Henna en Alie en luister na 'n hen wat sê: „Ek het 'n eier gelê, ek het 'n eier gelê!”

„Waarso? Waarso?” vra die makou met sy hees ou stem.

„In die koele koelte!” sê die ou kalkoen.

TANNIE.





38. OU KOEL-KOEL.

Die kalkoen, waar ek julle laaste keer van vertel het, was 'n kwaai ou mannetjie. Hy loop heeldag op die werf en pronk, en sleep sy vlerke op die grond. Dit lyk of hy baie van homself dink. Sy naam was Koel-koel.

Henna en Alie het byna altyd saam rondge-loop op die werf. Dan was Koel-koel vir hulle bang.

Maar eendag kom klein Alie alleen by die agterdeur uit. En daar loop ou Koel-koel vir haar storm!

Niemand weet wat hom makeer het dat hy die dag so k'waai was nie. Die ou bel op sy neus word sommerso blou. Hy draai al rondom Alie,

sodat sy nie kan wegkom nie, en probeer om haar te skop en met sy vlerke te slaan.

En daar was niemand by die huis om haar te help nie. Die ander mense was almal in die tuin.

Arme klein Alie was so bang, dat sy sommer begin te huil.

„Mammie,” roep sy, „Hennie!” Maar die ou kalkoen steur hom niks daaraan nie. Hy is alte kwaai en keer haar voor, as sy wil vlug.

Die hoenders kan haar ook nie help nie. Hulle kekkel net, en gaan te kere dat 'n mens hulle wiet weet waar kan hoor.

En raai wiet het eerste gemerk dat daar iets verkeerd moet wees?

Japie, die wit hondjie, wat met hulle saam gekom het van die dorp af.

Hy was ook in die tuin. Meteens hoor hy, hoe die hoenders raas daar by die huis.

Hy lig sy slap oortjies op om mooi te luister. En daar hoor hy, hoe die kleinnonnie roep om hulp. En toe neem hy die loop! 'n Mens moes lag, om te sien hoe vinnig hy sy kort beentjies roer om weg te kom.

Maar die ou kalkoen het nie gelag nie. Die skrik was te groot, toe hy vir Japie om die hoek van die huis sien kom.

Hy het vergeet om te pronk en dadelik sy stert laat sak. Toe het hy groef treë gemaak om weg te kom!

Maar dit is net, waar Japie van hou. Dit was vir hom 'n plesier om vir ou Koel-koel rond te ja op die werf tot hy so stokflou was.

Toe kon Alie tog ook wegkom. Sy het gehardloop tot sy by haar ma in die tuin was.

En later het sy daarvoor opgepas, om nooit weer alleen buite rond te loop nie. Maar ou Koel-koel het te groot geskrik, om haar weer so te pla. Hy trap nou mooi in sy spoor. Hy is alte bang vir Japie.

TANNIE.

39. DIE KAT EN DIE HOND.

Eens op 'n tyd was daar 'n grys kat, wat 'n klein bont katjie gehad het. Dit was haar seun.

Die ma gaan in die sonskyn lê en roep: „Mi-aau, mi-aau! seuntjie, kom lê hier by my.”

Die ma swaai haar stert en kyk hom lief aan; hy spring op en kom met haar stert speel.

Net kom daar 'n groot swart hond verby; hy blaf: „Woef, woef! Wat soek julle hier?”

Die twee skrik hul boeglam en vlug, dat hulle klein oor die grond word.

Die ma en seun hol die waenhuys in, kruip in die hoek weg en gaan op 'n leë sak sit.

Hulle was uitasem, hul harte klop, want hulle was net baie bang. Na 'n ruk roep die ma: „Mi-aau, mi-aau! seuntjie kom lê hier by my.”

Toe antwoord die seun saggies: „Mi-aau!” en hy kruip agter sy ma weg.

Hy begin toe met sy neusie teen sy ma se sagte vel te snuffel, en hy snork.

Weer kom die groot hond daar en hy blaf: „Woef, woef! wat maak julle hier.”

Arrie! dit was te veel! Die katte vlug sonder om om te kyk reguit boord-toe, en gaan onder 'n groot perskeboom sit.

Nog eens roep die ma: „Mi-aau, seun kom hier!” Weer gaan hy langs sy ma sit en kyk rond.

Hulle voel hier veiliger en netnou begin die klein katjie met grassies te speel. Dog gou was dit weer: „Woef, woef!” want dit was vir die groot swart hond mooi, om die katte bang te maak.

Eers wou die ma die boom invlug, dog sy dink aan haar seun, sy word kwaad en bly dapper op die grond staan.

Sy trek haar pote bymekaar, maak 'n boogrug met die stert in die lug en wys tande.


Die groot swart hond neem dit vir pret op; hy hap na die ma, maar toe kry hy 'n klap met die skerp naels.

Toe weet hy om tjank-tjank en omkyk te hardloop dat die stofdampe trek.

Die katte het die boom ingevlug en sit daar en miaau, miaau, dood in die nood.

BEWERK DEUR G. R. VON WIELLIGH.


40. DIE POSBUS.



Die son is lankal onder,
Die huise staan gesluit;
Die maan loer oor die toring
En klim so stadig uit.

Ek staan maar hier geduldig,
Want ek kan mos nie loop;
Ek 't net 'n ronde rooi lyf,
En 'n mond: hy 's altyd oop!

Dis stil hier in die strate,
 So deur die lange nag!
 Daar oorkant my hou Een-oog
 Ook tot die môre wag.



Hy gooi sy strale om hom.
 En wil die baas hier speel!
 'n Ster, of selfs die maan, glo,
 Wil hy hom skoon verbeel!

Hy dink hy 's snaaks, partykeer!
 Al waai die wind hoe sag,
 Dan trek hy 'n skewe bakkies
 Dat ek so byna lag!

So gou 's die son weer opkom,
 Word Een-oog uitgeblaas,
 Oordag is hy maar niks nie,
 Mens merk sy ou een-been skaars!

Maar ekke is 'n Posbus!
 In hierdie ope mond
 Gaan, dag en nag deur, briewe,
 Wat reis die wêreld rond!

HILDA POSTMA.

41. KAFFERTJIE.

Kaffertjie was 'n ou hanskuikentjie. Hy het ook eenmaal 'n liewe hen-mammie gehad en heel-party swart en bont en wit broertjies en sussies ook. Maar ongelukkig het die hoendersiekte daar uitgebreek. Eers is een ou wit kuikentjie daaraan dood, toe weer 'n gespikkelde outjie en daarna was dit die goeie ma. En later het net Kaffertjie oorgebly.

Miemie was alte jammer vir Kaffertjie. Daar is niemand wat hom oor die swart kuikentjie bekommer nie. Miemie het toe maar elke dag 'n paar maal vir Kaffertjie gaan krummeltjies strooi. Dan roep sy ook nk-nk-nk-nk-nk! net soos die ou hen altyd haar kindertjies geroep het.

Kaffertjie het gou vir Miemie leer ken. Altyd kon 'n mens hom op die werf agter Miemie sien aandraf. Soms vlieg hy op Miemie se skouer en sit daar doodbedaard en rondkyk.

Eendag was Miemie so besig, dat sy skoon vergeet om Kaffertjie kos te gee. Haar ma was sonder meid en sy moes allerhande werkies vir haar ma help doen.

Sy sit op die stoep-klippie die messe en vurke en skuur. Daar kom Kaffertjie nader en spring op haar skouer. Tant Mieta, Miemie se ma, maak toe net 'n grappie met haar dogtertjie. Miemie lag dat haar twee rye wit tandjies so oopsit en meteens, klaps! klaps! pik Kaffertjie, eers aan die een tandjie en toe aan die ander.

Dit was so onverwags! Miemie het so geskrik. Sy gee die kuiken 'n klap dat hy daar waai. Sy wil sommer huil en na haar ma toe hardloop.

Maar tant Mieta sê: „Moenie huil nie, kind-

jie. Kan jy nie verstaan, hy dink die tandjies is mieliepitte nie?"

Miemie staan so'n rukkie en dink. Sy kry 'n laggie en sê: „Ja, Mammie, dit is seker so, want ek het glad vergeet om vandag vir hom kos te gee. Die stouterd, hy het my darem so laat skrik.”

Sy gaan haal toe 'n handjievul mielies en toe was die vrede tussen die twee vriendinnetjies weer herstel.

MARIA J. VORSTER.

42. DIE SEUNS SUG.

Oom Jan woon op 'n plaas.

Vroeg in die môre is hy op. Dan neem hy die volk land-toe. Daar kry elkeen sy werk. So werk hulle heeldag. In die aand sorg oom Jan dat alles in orde is. Dan gaan hy rus.

Is oom Jan nie 'n flukse boer nie?

Nie ver vanwaar hy woon nie is 'n skool. Oom Jan hou baie van die skoolkinders, veral van die seuns. Dit weet die seuns goed. Hulle is altyd bly om oom Jan te sien.

Een môre hardloop die seuntjies so lekker skool-toe.

Opeens bly hulle staan. Hulle sien vir oom Jan.

Kyk, oom Jan tel 'n groot, swaar ysterbyl op. Hy doen dit met albei hande.

Hoe swaai hy die byl hoog bokant sy hoof! Hy meet met sy oog. Daar skiet die byl neer. Oom Jan kloof 'n diep gat in die hout. Die spaanders vlieg rond.

Is dit nie mooi nie?

Kyk net hoe glinster die skerp byl in die son. Die seuns kap ook hout, net soos oom Jan. Maar dit doen hulle met hul oë.

Kyk, op gaan die byl, swaai in die lug, skiet neer en die spaanders vlieg!

„Hik,” sug oom Jan, want dis swaar werk.


„Hik,” sug al die kinders hom na.

Op is die byl alweer. Almal meet gou, waar dit sal val. Daar skiet die byl neer en hik-k-k! kom uit 'n klomp monde.

Oom Jan lag: „Julle help my fluks,” sê hy.

Gou versamel die seuns vir oom Jan die spaanders.

Toe laat vat hulle skool-toe om nie laat te wees nie.



43. DIE VULLETJIE.

Kan die vul van 'n perd dan praat? Wel,
hierdie een kan; hoor wat hy te sê het:

Toe ek my kom kry, staan ek naas my ma
binne in 'n kampie van draad.

My lyf en nek het kort gelyk; maar o, my vier
bene het tog te lank vertoon.

Ook was my kort swart maanhaar pragtig en
my stert het net mooi gelyk. Ag, en my vier ronde
hoefies was iets om na te kyk.

Die vlieë kon my nie te veel pla nie, want
my sagte wolhare was lank en dig.

Die baas se kinders het my kom groet en was
baie bly om my te sien.

Eers het ek swak gevoel, maar tog kon ek uit
die staanspoor, sonder val, loop.

Oor 'n dag of wat was ek al sterk, hol toe rond en skop agterop.

Dit was vir die kinders 'n groot pret; maar as hul te hard lag, dan hou ek op en gaan naas Ma rondkyk.

Met hoë koppie spits ek my oortjies, waai met my stert om mooi te vertoon.

In die kampie by Ma en my was ook ander moeders met vullens.

O, het ons kleinspan tog nie baljaar nie! Dit speel, dit hol rond, ja reisies en ons byt en skop mekaar. Maar wie die reisies gewen het, kon niemand sê nie. 'n End word gehol, dan skop ons in die lug en spat uit mekaar.

In die begin het Ma oog oor my gehou, dog later kon ek doen, wat ek wou.

As die son warm word, stap die moeders na die bome, waar die wind koel blaas; daar staan ons en slaap en waai gedurig stert.

Arrie! dit was net 'n lekker tyd in daardie kampie. Ek wens, dat ek nou daar kan jakker en rinkkink.

44. DIE VULLETJIE VERTEL VERDER.

In die klein kampie, waar ons was, het die gras skaars geword en was kort geëet. So moes ons na die groot kamp gaan. Die baas stuur sy volk om ons oor te bring.

Al die plaas se perde en muile het in daardie groot kamp geloop. Daar was volop gras, kuile met water, 'n groot pan en vleie met groen gras.

Toe die perde en muile ons in hul kamp gewaar, draf hul na ons toe, om met die vullens te speel, of om hul te beskou. Die perde het nie soseer gepla nie, hulle het net kom kyk en ons gebruik.

Maar dit was die muile, wat nie weet om hul te gedra nie. En tog het hul klein vulletjies so lief en wil met hul speel.

Maar watter soort speel is dit? Dit is net om te knou, ons rug en nek te byt en om met hul voorpoot te kap. Dit noem ek geniepsig.

Ons moeders vlug dan met hul kinders die veld in, om van hul weg te kom.

Dit is dan net waarna die muile gesoek het; dan hol hul saam, langs ons, agteraan, dat die stof so trek.

So hou hul die hele dag aan en gee ons nie kans om te eet of te drink nie. Dit het soms te erg

gegaan, dan kom die baas te perd en steek hul onder die sweep.

Vir my het hul binne in 'n gat water geja, my ma kon my uit die modder nie verlos nie, so moes ek die hele nag in die modder lê.

O, dit was koud; die anderdag, toe die baas my kom uithaal, was ek boomstyf.

Na verloop van drie dae was die muile aan ons gewend en het ons met rus gelaat.


Toe kry ons dit lekker en kon diep in die vlak pan gaan wei om groen gras te eet.

Dit was vir my mooi om in die water te stap.

My ma was in haar dae fluks; in die geveg het sy drie wonde gekry.

Nou moet sy die basies en nonnies in 'n karretjie skool-toe trek.

G. R. VON WIELLICH.





45. KLEIN FIELAND.

Fieland is al baie groot,
 En hy is nog maar ses;
 Hy gaan nooit kerk- of skool-toe nie,
 Hy leer nooit eers 'n les.

En Fieland ken meer voëls as ek,
 Hy kan al bome klim;
 Ek wonder hoekom gaan ek skool,
 Ek word dan glad nie slim!

Hy speel maar heeldag kaalvoet rond,
 Hy het nie kous of skoen,
 En mes en vurke ken hy nie,
 Eet met sy hand pampoen!

Sy hare hoof hy nooit te kam,
Want dis in klossies vas,
En smôrens staan hy by die put
Net sy gesig en was!

En o, hy het te heerlik saans,
As ek na bed moet gaan,
Dan speel hy laat nog buite rond,
En kyk hoe skyn die maan.

Ek wens dat ek tog Fieland was
'n Regte Kaffertjie—
Maar net, my ma moet Mammie wees
Nie aia Fytjie nie!

HILDA POSTMA.



46. JAPIE SE LES.

Henna en Alie het hulle poppe ook saamgebring van die dorp af. As Ma, middae na die ete, gaan lê om 'n bietjie te rus, dan speel die tweetjies ewe soet.

Dan maak hulle altyd 'n speelplek voor op die stoep. Daar is dit lekker koel.

Japie speel ook saam. Partykeer word hy ingespan om die poppe rond te trek in 'n kassie. Of een van die poppe moet op sy rug ry.

Hy gee nie om nie. Dit is vir hom lekker om met die kinders saam te speel. Maar as hulle hom aan sy stert wil rondtrek, dan word hy kwaad. Hy kan dit nie verdra nie. En soos die Japie kan eet! So iets het julle nog nooit gesien nie. Hy is net soos 'n wolfie. Daarom is hy ook so vet. Meer as een dag het die kinders van hulle kos op die borde laat bly. Dan gee hulle dit vir Japie net soos die mense van die tafel af opstaan.

En dan mag die kat nie naby kom nie. Japie vlieg hom in dat die hare so swaai!

Hy wil al sy kos alleen opeet. Hy vergeet dat dit die kat se huis is en dat hy maar net daar kuier. Dit was baie lelik van hom om so te maak.

Maar nou wil ek julle nog iets anders vertel, wat hy gedoen het.

Eendag het Henna en Alie weer lank op die stoep gesit en speel. Daar roep iemand.

„Henna, pak jy nou al ons speelgoed in,” sê Alie. „Ek moet loop. Daar roep Ma vir my.”

Maar Henna het vergeet om die goed in te bring. Sy het die speelgoed alles net so laat lê en self weggestap.

En toe Japie, kort daarna, op die stoep kom, was dit vir hom 'n alte lekker kans om kwaad te doen. Hy het Alie se pop aan die voet beetgekry en haar rondgesleep en geskud tot daar maar min van haar oorgebly het.

Alie was baie kwaad, toe sy daar kom. Sy het vir Japie geklop, tot hy hom voorgeneem het om nooit weer so stout te wees nie.

En toe was Alie nog vir Henna ook kwaad.

„Dis jou skuld,” sê sy, „dis oor jy nie ons speelgoed ingebring het nie.”

En Henna weet self, sy het foutgemaak. Maar sy wil dit nie erken nie. Sy stry so lank dat hulle twee naderhand hard rusie maak.

Toe het hulle ma kom help om weer vrede te maak. „Julle moenie so baklei nie,” sê sy, „neem liewers 'n voorbeeld aan Japie.”

„En hy het dan my pop stukkend gebyt, Ma,” sê Alie,

„Ja, my kind, daar was hy regtig stout. Maar jy moet so dink, hy het nie beter geweet nie. Nee, julle moet sy voorbeeld volg, omdat hy so gou vergewe, as 'n mens iets vir hom gedoen het, en dan so gou weer goed word. Onthou julle nog, dat Henna anderdag aan sy stert getrek het? En eendag het Alie op sy pootjie getrap, dat hy sommer getjank het. Maar hy bly nie lank kwaad nie.”

„Ja, Mammie, dit is waar,” sê Alie meteens. „Ek het al opgelet as 'n mens net vir hom sê: „Foeitog, Japie,” dan is hy sommer weer goed.” En sy gee dadelik vir Henna 'n lekker soen om te wys dat sy van nou af die liewe ou hondjie se voorbeeld wil volg. En toe was hulle twee ook sommer weer goeie vriende!

Snaaks wat 'n mens van so'n hondjie kan leer, nè?

TANNIE.

47. RYKIE VERJAAR.

Toe die kinders omtrent twee weke op die plaas was, het Rykie vir hulle 'n groot geheim vertel.

„Dit is Dinsdag my verjaarsdag,” sê sy, „en ek het vir Mammie gevra of ons die dag kan gaan piekniek hou in die veld.”

„En wat het jou ma gesê?” vra hulle gou.

„Mammie sê ons kan almal gaan. Pa sal die ossewa laat inspan en dan gaan bring ons die hele dag deur onder die groen bome daar by die drif.”

„Dan moet ons nou gaan help om koek te bak,” sê die kinders.

、 Rykie se ma was tant Miena.



Hulle kry haar in die kombuis. Sy staan daar met haar moue opgerol en was net besig om alles op die tafel reg te sit. Eiers, botter, suiker, rosyn-tjies,—’n mens kry sommer lus om te begin eet, as jy die lekker goed sien.

Tant Miena was net bly dat die kinders haar wou kom help. Sy gee vir elkeen ’n werkjie om te

doen. Net gou kon jy die kopervysel hoor klink soos 'n klok. Alie is besig om kaneel daarin te stamp vir die soetkoekies. Rykie klits die eiers. Henna moes die groot panne smeer met vet. Dit is werk waar sy maar min van hou. Sy wou liewers die rosyntjies skoonmaak. Hoekom sou dit wees? Julle weet seker.

Aia Mietjie stook net hard om die oond warm te kry.

In 'n kort tydjie was daar 'n groot skottel vol soetkoekies, een met appelkoostertjies en 'n paar borde melktert.

Dinsdagmôre het hulle vroeg gery. Dit was so lekker koel en fris. Die kinders het eers gewens dat die pad veel langer moes wees. Maar toe begin hulle honger kry en was almal maar bly om by die drif aan te kom.

Aldrie het fluks gehelp om hout bymekaar te maak dat die ketel gou kan kook vir die koffie.

Toe het die snye brood met botter en die gaar gekookte eiers net gou verdwyn.

Waarom sou dit wees dat kos in die veld soveel lekkerder smaak as by die huis?



48. DIE GEELVINKIES.

Toe hulle klaar was met die ete, het die kinders gaan rondloop.

Eers al langs die rivier af. Dit was so mooi om die spoortjies van die kwikstertjies in die nat modder te sien.

'n Endjie onderkant die drif staan 'n groot treurwilger. Dit is 'n boom wat baie water drink, soos almal weet. Teen die rivier se wal sien 'n mens sy mooi fyn rooi worteltjies, waarmee hy die water opsuig.

'n Hele ry geelvinknessies swaai aan die slap takkies. Kunstige nessies, met die deurtjies almal na onder, en tog rol die eiertjies of die klein vinkies nooit daaruit nie.

Hulle mammie sorg daarvoor. Sy en pa Geelvink bou self die nessies en as hulle daarmee klaar is, dan kan jy maar glo dat die werk goed gedoen is.

Dan kan die wind maar waai, en die nessies maar swaai, die geelvinkmammie sit ewe gerus en broei op haar eiertjies, of sprei haar vlerkies snags uit oor die klein vinkies. Sy weet hulle is veilig.

Toe Alie die aand in haar bedjie lê, het sy weer gedagte gekry aan die geelvinkies. En toe word sy benoud om te dink, wat sy sou doen, as sy moes weet dat haar bed in die nag oor 'n diep rivier rondswaai.

Dan sou sy seker nooit slaap nie uit vrees dat sy sou uitrol en in die koue, donker water val.

Maar daar weet die vinkies niks van af nie. Hulle sit so lekker warm onder ma-vink se sagte veertjies. Solank as hulle neusie net uitsteek om deur asem te haal, dan dink hulle nooit aan gevaar nie.

Die vinkies weet ook goed so gou as die son smôrens opkom, dan vlieg hulle mammie uit om kos te soek. En dan kom sy seker honderdmaal op 'n dag terug met lekker happies vir haar hongerige ou gaapbekkies.

Wat kan 'n vinkie se hartjie dan nog meer begeer?

TANNIE.

49. DIE KAFFER MET SY GHITAAR.

Daar sit hy, die swart Kaffer.

Hy sit plat op die grond.

Sy bene lê lank uitgestrek voor hom.

Sy bolyf hou hy regop.

Sy kop hang effentjies skeef.

Sy oë kyk daar ver en sy mond hang 'n bietjie oop.

Styf teen sy bors vasgedruk hou hy 'n ghitaar.

Met sy lang swart vingers raak hy die snare aan. Hy raak eers een snaar aan, dan weer een en nog een. Hy druk nie op aldie tegelyk nie.

Met die vingers van sy regterhand tokkel hy:

Ting.....ring.....ting.....ting.....ting!

Daar laat hy die ghitaar sak.

Hy draai nou aan drie houtpenne.

Hy stel sy ghitaar.

Weer druk hy dit teen sy bors vas. Hy speel, hoor: Ting...ring...ting...ting...ting!

Sy oë kyk weer daar ver en sy mond hang oop. Nou sit hy die een voet oor die ander.

Maar hoor, nog altyd speel hy:


Ting.....ring.....ting.....ting.....ting!


Die maan sak stadig agter die rantjie weg. Die nagdiere bedaar nou. Hulle woel nie meer so erg nie. Dit word stil en heeltemal donker.

Maar luister, nog altyd klink dit:
Ting.....ring.....ting.....ting.....ting!
Die maan kruip nou heeltemal agter die rant-
jie in. Dis donker.

Daar sit die Kaffer sy ghitaar neer.
Hy vat sy kombers en rol hom toe.
Nou slaap hy, die swart Kaffer.
Maar dis net of ons nog hoor:
Ting.....ring.....ting.....ting.....ting!

M. KRÜGER.





50. DIE VLERMUIS.

Een aand sit Pa en Ma en Hansie in die eetkamer.

„Flap! flap!” hoor hulle bo teen die mure.

„O Pappie!” sê Hansie, „kyk, hier het 'n voëltjie verdwaal!”

Pappie spring op. „Nee,” sê hy, „dis nie 'n voël nie, dis 'n vlermuis.”

Toe vat Pappie die lamp, en bring dit buite op die stoep. Nou is die kamer donker. Die vlermuis is lief vir lamplig of kerstlig.

Hy vlieg in die kamer rond, tot hy by die deur kom, dan vlieg hy uit, buite na die lig. Gou-gou kom Pappie weer in met die lamp, en maak die deur toe.

„Waar kom die vlermuis vandaan, Pappie?”
 vra Hansie. Toe vertel sy pa vir hom. Heeldag
 deur slaap die lui vlermuis bo in die vuil donker
 solder. Hy hang aan een agterpootjie met sy kop
 ondertoe, en maak hom met sy vlerke toe. Dis 'n
 snaakse manier om te slaap, nè!



Vlermuise hou nie van die daglig nie. Bo in
 die donker kerkoring maak hulle ook graag nes, en
 agter skoorstene. In die skemeraand vlieg hulle by
 honderde uit, net soos verdwaalde voëltjies.

Dan gaan seek hulle insekte om te eet. Hulle
 lyk net soos muise met bruin velvlerkies, daarom
 noem ons hulle vlermuise.

Net waar hulle lamplig of kerslig sien, wil hulle invlieg.

„Hoor, hoe slaan die vlermuis teen die ruit; hy wil inkom,” sê Pa vir Hansie.

Toe Hansie die volgende môre op die stoep kom, lê die vlermuis daar dood.

Hansie gaan haal sy grafie, en grawe 'n gat in die tuin. Toe kom haal hy die dooie vlermuis en begrawe hom in die gat.

HILDA POSTMA.

51. JUFFROU KIETSIE.

Juffrou Kietsie is die pragtige swart mama-kat van Lettie. Sy woon met haar familie in die pakkamer. Sy het drie kindertjies—twee pikswart katjies, net soos hulle mammie, en een swartböntetjie met vier wit voetjies.

Juffrou Kietsie is alte presies op haar kindertjies. Elke oggend word hulle om die beurt gewas, want hulle is nog klein en kan nog niks vir hulself doen nie. Dit is nie met 'n vadoek of 'n spons, wat sy hulle was nie, maar wel met haar tong.

'n Kat se tong is die wonderlikste tong, waar julle ooit van gehoor het. In daardie een se tong,

soos in al die ander s'n, was daar 'n haarborsel, 'n kam, 'n tandeborseltjie, 'n naelborseltjie, 'n spons, 'n handdoek en 'n koekie seep!

En as juffrou Kietsie haar kleintjies klaar gebad, gekam en reggemaak het, dan is hulle so skoon en glad en lief soos enige babetjie, wat net uit die bad uitkom en 'n mens kry sommer lus om hulle op te tel en teen jou vas te druk.

Hulle ogies is al 'n hele paar dae oop en vanoggend voel hul sommer meteens groot genoeg om te speel en toe begin hulle oormekaar te klouter en al agter hulle eie stertjies aan te hardloop. So nou en dan hap-hap hulle so na die puntjie daarvan.

Juffrou Kietsie lê ewe lomerig en ernstig vir haar kindertjies en kyk. Dit is al 'n geruime tyd, vandat sy jonk en opgeruimd genoeg gevoel het om agter haar stert aan te hardloop. Sy kry toe meteens sommer lus om haar kindertjies aan haar nooi te gaan wys.

Stil staan sy op en dra die katjies een vir een in haar sagte moederbek na die kombuis toe. Sy sit hulle daar op die vloer neer in die sonnetjie, wat by die agterdeur inskyn. Sy kyk die huisvrou aan en krr-krr-krr, asof sy wil vra:

„Nooi, wat dink jy van my kindertjies? Is hulle tog nie mooi nie?”

Net toe die vrou die katjies gewaar, tel sy hulle een vir een op en streel hulle saggies. Kietsie het nie haar rug krom gemaak en haar naels uitgesteek, asof sy wou krap nie, daarvoor ken sy haar nooi te goed. „Sy is self 'n moeder,” dink sy, „sy sal nie my kindertjies afknou, soos party stout seuntjies sal doen nie.”

Later dra sy die klein katjies weer terug na die pakkamer toe. Daar het sy, toe hulle groter word, vir hulle geleer om muis te vang.

Haar eerste lessie daarin het sy hulle gegee met 'n lewendige muis, wat sy gevang het. Eers het sy hom gekarnuffel, totdat hy nie meer vinnig kon wegvlug nie. Toe los sy hom, en gryp hom en los hom, totdat aldrie die kleintjies geleer het om dit ook te doen; daarna het hulle saam die arme muisie opgeëet. Die drie kleintjies het aldrie baie goeie muiskatte geword. Hulle nooi wou nie een van hulle weggee nie.

MARIA J. VORSTER.

52. SLAPEDOEDEL.

I.

Daar was eendag 'n klein veldmuisie wat onder 'n groot kareeboom gebly het, saam met sy mammie. Hy het die bynaam van Slapedoedel gekry, omdat hy so lekker kon slaap.

Op 'n donker plekkie onder teen die boomstam, het sy ma vir hom 'n lekker sagte nessie gemaak. Daarin kon hy tog so heerlik lê en slaap, opgerol, tot daar niks anders te sien is as 'n ronde, sagte bolletjie nie.

Maar as die outjie wakker skrik en opstaan, dan het dit swaar gegaan om hom by die huis te hou. Hy was alte lief om in die groen grassies en droë blare onder die bome rond te snuffel, en alleen rond te dwaal. Sy mammie kon dit nie verdra nie, sy was so bang dat hy sou verdwaal of dat hom iets sou oorkom. Maar dat hy by die huis wou bly, was net verniet!

Eendag het sy ma uitgegaan om kos te soek en hom by die huis laat staan, vas aan die slaap in sy bedjie.

„Hy is veilig hier, en sal seker so lê en slaap tot ek weer terugkom,” dink sy.

Maar dit het nie te lank geduur nie of Slapedoedel het sy blink ogies oopgemaak en gedink,

hy sal maar weer vir 'n wandelingetjie gaan, daar buite onder die bome.

Hy spring uit sy bed en hardloop in die voetpaadjie, deur die lang gras, wat hulle huisie bedek.



Hy snuffel daar rond, vroetel onder die droë blare en steek sy neusie orals in, waar hy dink dat kos kan wees.

Maar sy blink swart ogies kyk na alkante en

sy groot bakoortjies luister baie fyn of daar nie ge-
vaar is nie. Sy vaal woljassie was so sag soos sy-
fluweel. Dieselfde môre het sy ma dit nog afge-
borsel met haar tong, voor sy van die huis af gegaan
het.

Terwyl Slapedoedel daar so ronddraf, swaai
sy stertjie heen en weer en kielie die wilde blom-
metjies en sagte varings, dat hulle sommerso rond-
swaai van die lag.

Daar voel Slapedoedel iets koude op sy neusie.
Wat kan dit wees? Hy tel sy voorpootjie op en
veeg dit gou af. Daar val dit nou weer op sy stertjie.
Woerts! ruk hy dit om na vorentoe. A, nou sien
hy, dit reent!

Wat moet arme ou Slapedoedeltjie nou maak?
Hy kan tog nie die reën verdra nie, en hy is so ver-
van die huis af. Wat sal sy mammiê sê, as sy mooi
veljassie nat word, en vol modder?

Hy kruip in 'n holtetjie in 'n sloot se wal, maar
die reën het hom gou daar gekry. Toe hardloop
hy na 'n bossie om daaronder te skuil, maar dit wou
ook nie help nie.

„Vandag sal ek papnat reën,” dink die outjie,
maar wat sal hy nou sien? 'n Klein endjie van hom
af staan 'n groot paddastoel en dit lyk kompleteet net
soos 'n sambreeltjie, wat 'n mens wyd oopgemaak
het.

Binne 'n sekonde was Slapedoedeltjie onder die sambreeltjie in. Hy rol hom op so goed as hy kan, met sy neus op sy pootjies en sy stertjie rondom hom gedraai, en eer jy tien kon tel, was hy vas aan die slaap.



53. SLAPEDOEDEL.

II.

Wat Slapedoedel nie geweet het nie, was dat die paddastoel naby 'n groot wit huis gestaan het. Die huis sou tenminste vir hom groot gelyk het, maar as ons dit kon sien, dan sou ons sê: „O, kyk tog, wat 'n liewe klein huisie!” Dit was toegerank

met klimop en daar was 'n hele ry roosboompies voor die deur.

In die mooi huisie het klein Miemie gewoon. Sy was so'n ronde vet dogtertjie, wat nog te klein was om skool-toe te gaan. Net die week vantevore was dit Miemie se verjaarsdag, toe het haar peet-tante vir haar 'n mooi pop present gegee. Daaroor was Miemie so bly, dat sy sommer dwarsoor 'n water-voortjie sou kon gespring het!

Die poppie was ook rond en vet, met helder blou ogies, wat toegaan as sy neergelê word om te slaap. Haar wangetjies was so rooi soos die rose voor die deur, maar Miemie se ma het gesê, sy moet oppas dat die pop nie buite in die warm son kom nie, want haar gesig was van was gemaak. En was is iets wat smelt van warm son.

Dieselfde môre, toe Slapedoedel so rondge-loop het, moes Miemie se ma uitgaan na siek mense toe.

Toe het die ou dogtertjie moeg geword, om in die huis te bly en het sy haar poppie geneem en ook 'n bietjie gaan loop. Maar sy was so vet, dat sy gou moeg geword het. En hoe verder sy loop, hoe warmer word die son. Dit lyk of die pop ook moeg is. Sy lê doodstil in Miemie se arm en hou haar ogies toe.

Miemie kyk of haar kindjie slaap. Maar wat sien sy? Hoe lyk die pop se gesig dan so snaaks? O, nou weet sy. Dit is van die warmte. Ma het gesê, as die pop in die son kom, dan sal die was smelt. En dan is die pop heeltemal bederwe.

Wat moet sy nou doen? Sy kyk rond. Dit is nog so ver van die huis af. Daar sien sy 'n groot



paddastoel. O ja, dit is 'n goeie plan. Die paddastoel sal net 'n mooi sambreeltjie uitmaak.

Miemie buk vooroor en pluk die paddastoel uit die grond. Slapedoedel was so styf opgerol en het so baie na die droë grassies gelyk dat sy hom nooit raak gesien het nie.

Sy hou die sambreeltjie oor haar pop se gesig en stap vinnig huis-toe. Sy was ook net skaars daar of die son kruip weer agter die wolke weg, en die reën, wat vir 'n uur opgehou het, begin weer saggies te val.

Tip-pe-tip, tip-tap, val die druppeltjies.

Slapedoedel was nog altyd in droomland en dit was tog so mooi daar. Daar was 'n groot kamer vol van die lekkerste vet koringare, grondboontjies



en pampoen- en sonneblompitte. In sy droom sien hy ook hopies sagte fyn grassies, waar muisies maar in kan gaan lê en slaap.

Hy droom dat hy so lekker sag en warm in een van die hopies lê. Daar voel hy meteens iets kouds op sy neusie. Wat sou dit wees?

Hy word wakker en vee sy ogies uit met sy

voorpootjies. Toe kyk hy rond en sien dit reën alweer.

„Allewêreld,” sê hy, „waar is my sambreetjie?”

BEWERK DEUR TANNIE.

54. TORTELDUIFIES.

Terwyl die kinders daar so ronddwaal, het hulle 'n tortelduifnessie ook gekry.

So'n duifie is baie lui om 'n nes te maak. Hy lê net 'n paar stokkies oormekaar. Dit lyk of sy nes so slordig en lossies gemaak is dat dit sommer uitmekaar kan val.

Maar dit dink jy verniet. Al lyk die stokkies so los, hulle is darem so kunstig deurmekaar gevleg dat so'n nêssie nooit uit die boom waai nie.

As 'n mens onder staan, dan kan jy die eiertjies bo-op die los stokkies sien lê. En tog gebeur dit amper nooit dat hulle uit die nes rol nie.

'n Tortelduif is darem lank nie so kunstig soos 'n geelvink nie. Sy kindertjies kry nie eers 'n veerbedjie nie.

En tog is 'n tortelduif maar net so lief vir sy kindertjies soos enige ander voël.

Hy het darem 'n ander manier om hulle te voer. Die mammie eet eers self die koring of die grassaad, tot haar krop goed vol is. As sy by die nes kom, dan moet die klein duifies een vir een hulle bekkies in hare steek dat sy hulle kroppies ook kan volprop.

Klein tortelduifies groei baie gou. In 'n paar weke se tyd is hulle groot genoeg om die harde ou nessie te verlaat.

Dan gaan slaap hulle sommer met hulle mammie en pappie saam in 'n digte boom. Hulle toontjies klou vanself vas aan die tak net soos hulle daarop gaan sit.

Daarom val 'n voëltjie nooit af, as hy in 'n boom slaap nie. 'n Hoender ook nie. Hulle is so geskape.

Maar 'n eend het mos plat voete, met velletjies tussenin. Hulle voete is weer gemaak om mee te swem.

Kyk maar hoe lekker 'n eend die hele nag op 'n dam water kan sit en slaap. Die water wieg hom so heen en weer. Hy skommel daar rond soos 'n skuit.

Ek het nog nie vir julle van die duif se nessie klaar vertel nie. In 'n volgende les sal ek meer daarvan vertel.

Maar dis 'n baie treurige storie.

TANNIE.

55. DIE TRAPSUUTJIES SE PLAN.

Om twaalfuur het die kinders weer na die drif toe teruggekom. Die son was toe te warm om langer rond te loop. Die honger het hulle ook aangeja.

Daar was nog al die lekker koek en tert om te eet. Een kind wou gouer loop as die ander om eerste by die wa te kom.

Henna was die oudste, sy kon vinniger loop as die ander twee.

Sy was so moeg dat sy haar sommer op 'n kombers in die koelte van 'n boom neergegooi het. Maar sy het skaars gelê of sy spring weer op en gee 'n harde gil.

„Wat is dit, my kind?” vra haar ma, wat net besig was om die teegoed reg te sit.

„O Ma, ek het tog so geskrik! Hier is 'n lelike gogga, wat my wil byt. Ek het amper op hom getrap. Kyk hoe blaas hy met sy oop bek. Hy is seker baie giftig.”

„Is dit nie 'n slang nie?” vra haar ma, en sy kom nader om te kyk.

„Nee Ma, hy het vier pote. Ek dink dit is 'n groot akkedis.”

„'n Akkedis?” vra Rykie, wat net saam met Alie by die wa aankom. „Waar is hy?”

„Hier sit die lelike ding op die grond,” sê Henna met 'n gril.

Toe begin Rykie meteens te lag.

„Foeitog,” sê sy, „dit is net 'n arme ou trapsuutjies. Hy sal vir jou niks doen nie, Henna. Hy het geen tande om mee te byt nie.”

En Rykie pluk 'n tak van die boom af en hou dit voor die trapsuutjies om op te klim.

„Pasop, Rykie,” roep Alie. „Hulle het my vertel 'n trapsuutjies is baie giftig.”

„Nee wat,” sê Rykie, „dit is nie so nie. Ek speel altyd met hulle. Dit is vir my so mooi om te sien hoe die ou diertjie kan verkleur. Kyk, hy begin al groen te word, vandat hy op die tak sit. Hy was amper swart, toe hy op die grond was.”

„Ek het altyd gehoor dat hy dit kan doen,” sê Henna, „maar ek het nog nooit vantevore een gesien nie.”

En sy en Alie kom nader om hom beter te bekyk. Hulle is darem nog maar 'n bietjie bang.

„Nou lyk hy nie meer so kwaai nie,” sê Henna, „hoekom sou hy hom netnou so opgeblaas het?”

„Juis omdat hy vir jou bang is,” sê haar ma. „Dit is die enigste wapen, wat hy het. Hy weet hy kan jou nie byt nie, nou hou hy maar vir hom so kwaai dat jy vir hom moet bang word. Omdat 'n slang giftig is, en die meeste mense vir 'n slang

so bang is dat hulle vir hom vlug, nou probeer 'n trapsuutjies kastig om net soos 'n slang te blaas."

Toe begin Henna te lag.

„Hy is darem oulik," sê sy. „Het ander diere ook sulke slim planne, Ma?"

„Ja, seker. Kyk, hoe maak 'n hasie as die honde agter hom is. Hy kan baie vinnig hardloop, maar 'n windhond is ook vinnig. Nou hardloop 'n hasie nooit reguit nie. Hy maak elke keer 'n kort draai. Dan kan die hond homself nie so gou keer nie. En teen die tyd dat hy weer omgespring het, dan trek die hasie al wie weet waar.

Byna elke dier het 'n slim plan wat hy uithaal, as hy in gevaar kom."

TANNIE.

56. DIE VOËLTJIE SE PLAN.

Terwyl Henna se ma nog praat, hoor hulle meteens dat Japie so'n kort blaffie gee. En daar trek hy agter 'n voëltjie aan!

Hy het daar naby in 'n graspol gestaan en snuffel. Toe vlieg die voëltjie daaruit. Maar dit lyk of sy vlerkie seer is. Hy vlieg laag op die grond.

Die kinders wou gaan help, want dit lyk elke keer of Japie hom net wil vang. Maar net soos hy

by hom kom, dan vlieg die voëltjie weer 'n endjie verder.

Alie wou sommer begin te huil. „Japie!” roep sy, „kom hier, jou stoute ding. Ag Ma, kyk tog hy sal die arme voëltjie netnou hê.”

Maar haar ma sê niks. Sy staan dit aan te kyk met 'n glimlag op haar gesig.

„Nee, wag maar,” sê sy, „Japie sal die voëltjie nooit vang nie. Kom saam met my, dan sal ek vir julle iets gaan wys.”

En hulle ma stap reguit na die graspol, waar die voëltjie uitgevlieg het. Sy trek die grassies versigtig weg, en wat sal hulle sien? Binne in die graspol, onder op die grond, sit 'n mooi nessie, met drie klein voëltjies daarin.

„Ag, foeitog, Mammie,” sê Henna, „dit is seker die ou kleintjies se mammie wat Japie hier uitgeja het. Ek hoop tog hy sal haar nie vang nie!”

„Daar hoef julle nie voor bang te wees nie,” sê hulle ma, „dit is juis net waar ons van gepraat het. Kyk, dit is nou weer daardie ou voëltjie se slim plan. Sy weet goed haar kleintjies is in gevaar, as 'n hond by haar nessie kom.

Nou vlieg sy meteens so vinnig hieruit dat die hond amper op sy rug val van skrik. En dan stel sy haar weer aan of haar vlerke lam is. Die hondjie

ja al agter haar aan. Hy dink elke keer dat hy haar nou-nou sal vang.

Maar moenie glo nie. Sy is net besig om hom ver van haar kindertjies af weg te lei.

Kyk, waar trek hulle al."

En toe moes die kinders lag, om te sien hoe die ou voëltjie nog altyd besig was om vir Japie te fop. Sy vlieg so laag, hy dink elke minuut dat hy haar kan gryp. Maar toe sy hom ver genoeg weggelei het na haar sin, sprei sy meteens haar vlerkies wyd uit. Toe kon die kinders duidelik sien dat sy niks makeer nie.

„Kom ons gaan nou eet," sê hulle ma.

En die kinders het al amper klaar gehad, toe kom Japie eers terug.

Hy was stokflou, maar die voëltjie het hy nie gevang nie.

En die kinders het daarvoor gesorg dat hy nie weer naby die nessie gekom het, om die oulike ou voëltjies te pla nie.

TANNIE.

57. DIE TORTELDUIFNESSIE.

Die tortelduifnessie, wat die kinders in die vlei gekry het, was nie bo in 'n boom nie. Dit was gemaak in die mik van 'n kareeboom se tak, wat half omgewaai het.

Die nessie was nie ver van die grond af nie en was sommer oop en bloot vir weer en wind. Daar was twee klein duifies in.

Toe die kinders nader kom, het die duifies se ma weggevlieg. Fuuf-fuuf, fuuf-fuuf, gaan haar vlerke. Ek wonder hoekom? Sover ek weet, is dit die enigste voël, waarvan die vlerke so gaan, as hy vlieg.

Weet julle dat 'n mens 'n tortelduif kan roep? As jy net leer om jou hande op die regte manier te vou, sodat jy daarop kan blaas: „koer-koer-doek, koer-koer-doek!” dan gee die duifie antwoord.

Dan kom hy ook aangevlieg en kom sit in 'n boom naby jou. Dan sing hy ook „koer-koer-doek.” Hy dink seker, dit is sy maat wat hom roep.

Henna en Alie het darem nie vir hierdie ou duifie koer-koer-doek gemaak nie.

Hulle het maar geloop dat sy weer na haar kindertjies toe kan kom.

Kort na die ete het oom Gert gesê hy dink dit is tyd dat hulle huis-toe moet gaan. Dit lyk

of die weer opkom. Wit wolkies kom al van die een kant af aangewaaï.

Maar die kinders sê hulle wil tog nie so gou huis-toe gaan nie. Dit is alte lekker daar onder die koel bome.

Maar daar kom altyd meer wolke in die lug. Die wind begin te waai, Oom Gert sê die volk moet die osse nader bring.

Die son raak weg agter die wolke. Dit lyk of die lug sommer swart word. Van ver af hoor hulle die swaar weer aankom. Almal help om gou weer al die goed op die wa te laai.

Gelukkig was die drif nie ver van die huis af nie. Hulle was gou weer daar.

Dit was darem net klaar uitgespan, toe begin dit te hael. Die wit korrels rol op die grond en klap soos koeëls op die huis se dak.

Rykie is so bang dat sy in die kamer op haar bed gaan lê. Henna en Alie staan voor die venster en kyk hoe die bome se blare afgeslaan word.

Die blomtuin lyk al naar. Meeste van die plante lê op die grond.

„Ag, die arme diere in die veld kry dit swaar in die storm,” sê hulle ma.

„Wat sal tog van die arme tortelduifies word?” dink die kinders.

Gelukkig was die bui gou oor. Toe die son ondergaan, was die lug weer skoon. Meeste van die hael was ook al gesmelt.

'n Mens hoor net hoe raas die water in die slote en in die spruit.

Die anderdagmôre het die kinders gaan kyk, hoe dit met die duifie afgeloop het.

Daar kry hulle haar dood op die nessie. Die hael het haar koppie sommerso stukkend geslaan.


Sy kon maklik weggevlieg het, maar dan was haar kindertjies in gevaar. En sy het hulle so lief gehad dat sy nie wou padgee nie.

Sy het maar bly sit om hulle te beskerm. En die kleintjies het niks oorgekom nie.

Die kinders het sommer lus gekry om te huil. Hulle het die duifies na die huis toe geneem en kos gegee, tot hulle groot genoeg was om vir hulleself te sorg.

Toe het die twee self veld-toe gevlieg. Dikwels hoor die kinders nog, hoe sing hulle: „koer-koer-doek!” in die wilde bome. Hulle is ook alweer besig om 'n nessie te bou.

TANNIE.



58. OUTA FREEK.

Daar waar die mielieblare woel,
 Net agter daardie boontjiesloel,
 Staans outa Freek alleen en werk,
 Hy's oud, maar hy is baie sterk!

Hy spit, en spit die hele dag!
 Hy kyk nie op, of praat of lag!
 Hy buk maar altyd oor, so krom!
 Sou dit nou lekker wees vir hom?

Ek mag daar nie eers naby kom,
 Dan skree hy: Weg daar, en hy brom
 'n Halfuur na ek weg is nog
 Van „alles nonsies, alles bog!”

Ek dink ou Freek het skoon vergeet,
Hoe speel mens, want as hy dit weet,
Sal hy tog liewers saam met my
Hier op die wingerdswaai kom ry.

Of dolos speel, of kleiroer skiet!
Ek wil hom sê, maar net verniet!
Hy dink, ek kom om hom te pla,
En luister nie eers wat ek vra!

As ek tog groot is soos ou Freek
Sal ek nie heeldag spit en steek,
Ek trek die voëltjenessies om
Vir seuntjies, wat nie by kan kom!

HILDA POSTMA.

Toneelstukkies vir Kinders.

GESONDHEID EN GELUK IN DIE SKOOL. Twee speletjies vir kinders wat deur enigeen kan opgevoer word, bewerk deur Talitha C. Faure 6d.

DIE GOUE SLEUTEL. 'n Blyspel vir kinders in een bedryf, deur Stella Blakemore 4/6

ELSIE DIE VELDKINDJIE. Toneelstuk vir Kinders, bewerk na die boek van Rikie Postma 2/3

WAAR DIE REENBOOG END. Toneelstuk vir Kinders, deur Rikie Postma 2/9

ISBOSET. Sangspel vir Kinders. Met musiek en tekenings, deur Mev. T. C. Pienaar 2/9

DIE TOWERUUR. Operette in een bedryf vir Kinders, deur Stella Blakemore 4/6

MET DIE HULP VAN KINDERS.

SNEEUWITJIE.

DIE KONING SE MUSIEK.

Drie toneelstukkies vir Kinders, deur Laura Joubert 2/9

EERSTE APRIL, deur Stella Blakemore. Toneelstukkies vir Kinders in een bedryf 1/3

KLAAS DROSTER. Toneelstuk vir Voortrekkers, in ses Tonele, deur F. J. Weideman 1/9

WAAR DIE BLOMME GEUR. Toneelspel vir Kinders in een bedryf, deur Eugène N. Marais 1/3

DIE NUWE MEISIE. Een-bedryf toneelstuk vir vier meisies. Verwerk deur Steph. Faure 1/6

ONDER DIE INDIANE. 'n Blyspel vir seuns in drie bedrywe met sang, deur Toon Jansen en J. de V. Heese (die stuk duur 'n uur) 2/3

By die Uitgewers

J. L. VAN SCHAIK, BPK., PRETORIA

het verskyn:

GERT EN BABE. Die doen en late van twee Plaaskindertjies, deur Mevr. J. Pienaar. 'n Aantreklike boek vir kinders van 10 tot 14 jaar. 'n Groot boek 6 x 8½ dm. 1¼ dm. dik, met mooi illustrasies. Prys 5/-

JAN EN DIE TWEELING. Met ander stories vir kinders, deur Mevr. J. Pienaar. Dis 'n mooi leesboek vir kinders van 8 tot 10 jaar. Prys 5/-
Moedig die kinders aan om te lees. Hier is twee boeke wat daartoe sal bydra om die leeslus op te wek.

OCUS. Die Storie van 'n Mak Bobbejaan, deur Mevr. S. Niemeyer. Met aantreklike illustrasies deur D. Ogilvie. 'n Baie onderhoudende boekie vir kinders in Standerds 2—4. Prys 4/-

KRISMISLAND. 'n Storie van die stadskinders, deur Rikie Postma, die skryfster van „Elsie, die Veldkindjie” 4/-

DAREM MAAR KLEIN NOG, 'Gediggyes vir kinders, deur Nic. J. Strydom 4/-

J. L. VAN SCHAIK, BPK., UITGEWERS. PRETORIA.



Wallachs' Pta.

9763

